

UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT

JAARBOEK 2004

FAKULTEIT GEESTESWETENSKAPPE

*(LETTERE EN SOSIALE WETENSKAPPE)
(NAGRAADSE PROGRAMME)*



Dekaan:

Prof. G.W. de Klerk
Flippie Groenewoudgebou 109
Telefoonnommer: 051-4012240
Faks: 051-4483942

RIG NAVRAE AAN:

Korrespondensie met betrekking tot akademiese aangeleenthede moet gerig word aan:

Fakulteitsekretaris
Universiteit van die Vrystaat
Fakulteit Geesteswetenskappe
Posbus 339
BLOEMFONTEIN
9300

Telefoon: 051-4012369
Faks: 051-4483942
e-pos: peyperjh.hum@mail.uovs.ac.za

*** **

JAARBOEK

Fakulteite

Ekonomiese en Bestuurswetenskappe

Geesteswetenskappe

- Lettere en Sosiale Wetenskappe
- Opvoedkunde

Regsgeleerdheid

Landbou en Natuurwetenskappe

Gesondheidswetenskappe

Teologie

Let wel:

Eksemplare van die afsonderlike dele van die Jaarboek waarby die Algemene Jaarboek inbegrepe is, is op aanvraag verkrygbaar by die Registrateur Akademiese Studentedienste.

INHOUD

Akademiese Personeel	7
Nagraadse kursusse: Algemene inligting	9
Algemene regulasies van die Universiteit	9
Fakulteitsregulasies	9
Grade aangebied	9
Algemene toelatingsvereistes tot nagraadse kursusse	9
B.A.Hons.- en B.Soc.Sc.Hons.-grade	9
M.A.- en M.Soc.Sc.-grade	10
Ph.D.-graad	10
 Nagraadse Program vir die Kunste	
Drama	
B.A.Hons. (Drama en Teaterkuns)	14
M.A. (Drama en Teaterkuns)	14
Ph.D. (Drama en Teaterkuns)	16
Beeldende Kunste	
B.A.Hons. (Kunsgeskiedenis óf Visuele Kultuurstudie)	17
M.A. (Kunsgeskiedenis óf Visuele Kultuurstudie)	19
Ph.D. (Kunsgeskiedenis óf Visuele Kultuurstudie)	20
M.A. (Beeldende Kunste)	21
Ph.D. (Beeldende Kunste)	22
Musiek	
B.Mus.Hons.	23
M.Mus.	25
Ph.D. (Musiek)	27
 Nagraadse Program vir Algemene Geesteswetenskaplike Grade	
Lys van nagraadse grade	28
Besonderhede van nagraadse grade in Tale	28
B.A.Hons. (Antropologie)	29
M.A. (Antropologie)	31
Ph.D. (Antropologie)	32

B.A.Hons., M.A., Ph.D. (Bybelkunde)	32
B.A.Hons., M.A., Ph.D. (Ondernemingsbestuur)	32
B.A.Hons. (Kriminologie)	33
M.A. (Kriminologie)	33
Ph.D. (Kriminologie)	35
B.A.Hons., M.A., Ph.D. (Ekonomie)	36
B.A.Hons., M.A., Ph.D. (Geografie)	36
B.A.Hons., M.A., Ph.D. (Grieks)	36
B.A.Hons. (Geskiedenis)	37
M.A. (Geskiedenis)	38
Ph.D. (Geskiedenis)	39
B.A.Hons. (Nabye Oosterse Studie)	41
M.A. (Nabye Oosterse Studie)	42
Ph.D. (Nabye Oosterse Studie)	44
B.A.Hons. (Filosofie)	45
M.A. (Filosofie)	45
Ph.D. (Filosofie)	45
B.A.Hons. (Politieke Wetenskap)	46
M.A. (Politieke Wetenskap)	48
Ph.D. (Politieke Wetenskap)	49
B.A.Hons. (Sielkunde)	49
M.A. (Sielkunde)	49
Ph.D. (Sielkunde)	49
B.A.Hons. (Sosiologie)	50
M.A. (Sosiologie)	50
Ph.D. (Sosiologie)	52
B.A.Hons., M.A., Ph.D. (Teologie)	52

Nagraadse Program in Afrikastudie	
B.A.Hons. (Afrikastudie)	53
M.A. (Afrikastudie)	53
Ph.D. (Afrikastudie)	54
Nagraadse Program in Genderstudie	
Sertifikaat (Genderstudie)	55
Nagraadse Diploma (Genderstudie)	55
M.A. (Genderstudie)	55
Nagraadse Program in Kultuurstudie	
B.A.Hons. (Kultuurstudie)	57
M.A. (Kultuurstudie)	58
Ph.D. (Kultuurstudie)	59
Nagraadse Program in Kommunikasie- en Inligtingprofessies	
B.A.Hons. (Kommunikasiekunde)	60
M.A. (Kommunikasiekunde)	60
M.A. (Korporatiewe Kommunikasie)	62
M.A. (Geïntegreerde Bemerkingskommunikasie)	63
M.A. (Mediastudie)	64
Ph.D.	65
Nagraadse Program in Taalstudie	66
B.A.Hons. (Afrikatale)	67
M.A. (Afrikatale)	68
Ph.D. (Afrikatale)	69
B.A.Hons. (Afrikaans en Nederlands)	70
M.A. (Afrikaans en Nederlands)	71
Ph.D. (Afrikaans en Nederlands)	73
B.A.Hons. (Engels)	74
M.A. (Engels)	75
M.A. (Kreatiewe Skryfwerk in Engels)	76
Ph.D. (Engels)	77
B.A.Hons. (Frans)	78
M.A. (Frans)	78
Ph.D. (Frans)	79
B.A.Hons. (Duits)	80
M.A. (Duits)	80
Ph.D. (Duits)	81

B.A.Hons. (Latyn)	82
M.A. (Latyn)	82
Ph.D. (Latyn)	83
B.A.Hons. (Linguistiek)	84
M.A. (Linguistiek)	85
Ph.D. (Linguistiek)	86
B.A.Hons. (Gebaretaal)	87
M.A. (Gebaretaal)	87
Nagraadse Program in Taalpraktyk	89
Nagraadse diplomas in Taalpraktyk	90
M.A. (Taalpraktyk)	90
Nagraadse Program in Owerheidstaak en Politieke Transformasie	
M. (Owerheidstaak en Politieke Transformasie)	94
Ph.D. (Owerheidstaak en Politieke Transformasie)	97
Nagraadse Program in Menslike Bewegingskunde	
B.A.Hons. (Menslike Bewegingskunde)	99
M.A. (Menslike Bewegingskunde)	101
Ph.D. (Menslike Bewegingskunde)	102
Nagraadse Program in Professionele Sielkunde	
M.Psig.	103
Nagraadse Program in Mens- en Samelewingsdinamika	
M.Soc.Sc. (Mens- en Samelewingsdinamika)	105
Ph.D.	110
Nagraadse Program in Algemene Sosiale Wetenskappe	
B.Soc.Sc.Hons.	111
M.Soc.Sc.	112
M.Soc.Sc. (Kliniese Sielkunde)	114
M.Soc.Sc. (Voorligtingsielkunde)	116
Ph.D.	119
Nagraadse Program in Maatskaplikediensberoep	
M.Soc.Sc. (Maatskaplike Werk)	122
Ph.D. (Maatskaplike Werk)	124
Nagraadse Diploma in Sosiale Dienste	125

AKADEMIESE PERSONEEL

- ** Dui Departementshoof aan
- * Dui waarnemende Departementshoof aan

Dekaan

Prof. G.W. de Klerk

Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans

Prof. **H.P. van Coller, Prof. N. Morgan (Frans), Dr. A.S. de Wet, Dr. A.G. Jenkinson, Dr. B.J. Odendaal, Dr. A. van Jaarsveld, Dr. A. van Niekerk, Me. I. Loock, Me. I. Smuts (Duits)

Afrikatale

Prof. **M.A. Moleleki, Mnr. D.P. Thulo, Me. A.S. Motsei, Dr. E.N. Malete, Mev. M.A. Dladla

Afro-Asiatiese Studie, Gebaretaal en Taalpraktyk

Prof. **P.J. Nel, Prof. J.A. Naudé, Mnr. P. Akach

Antropologie

Prof. **P.A. Erasmus, Dr. P. Esterhuysen

Beeldende Kunste

Mnr. **B. Botma, Me. J. Allen-Spies, Me. P.S. Slabbert, Me. C. Stroud

Dramakunde en Toneelkunde

Prof. **N.J. Luwes, Mnr. G.H.J. Kamper, Mnr. P.A. Venter, Me. R.S. Brink

Eenheid vir Taalfasilitering en Taalbemagtiging

Prof. **L.T. du Plessis

Eenheid vir Professionele Opleiding en Dienslewering in die Gedragswetenskappe (EPOG)

Prof. *A. Weyers

Engels en Klassieke Kultuur

Prof. **W.J. Greyling, Prof. L. Cilliers (Latyn), Prof. A.G. Ulliyatt, Prof. M.M. Raftery, Dr. S.I. Brokensha, Dr. M. Brooks, Dr. A.L. van Wyk, Mnr. J.C. Smuts, Mnr. C.M. Uwah, Me. M.M.G. Lovisa, Me. P.D. Gqola, Mnr. G. Samiselo, Mnr. Z.M. Msimanga, Mnr. F.A. Abban

Filosofie

Prof. **P.J. Visagie, Mnr. J.C. van der Merwe

Geskiedenis

Prof. **S.L. Barnard, Prof. A. Wessels, Dr. J-A. Stemmet, Mnr. C.M. Tswala, Mej. M.M. Oelofse

Kommunikasie en Inligtingstudie

Prof. **F.H. Terblanche, Prof. J.C. de Wet, Dr. H.J. Breytenbach, Dr. E.M. Pepler, Dr. A. van Deventer, Me. E.J.S. Coetzee, Me. D. Mulder, Me. C. Schutte

Kriminologie

Mnr. **A.W. Calitz, Me. L. Coetzee, Me. H. Foster

Kunsgeskiedenis

Prof. **D.J. van den Berg, Dr. E.S. Human

Maatskaplike Werk

Dr. **H.P. Schoeman, Dr. H.J. de Jager, Dr. M.J.M. du Plessis, Dr. S.B. Ferreira, Dr. R.P. Reyneke, Me. A.E. Böning

Menslike Bewegingskunde

Prof. **N.A.J. Coetzee, Dr. H.J. Bloemhoff, Dr. S.L. Botes, Dr. M.W. Brüssow, Dr. F.F. Coetzee, Dr. M.C. Opperman, Mnr. J.C. du Toit

Musiek

Prof. **G.P. Lamprecht, Prof. A.A. van Schalkwyk, Dr. M. Viljoen, Dr. N.G.J. Viljoen, Mnr. H.C. Armer, Mnr. D.J. Cilliers, Me. K.B. Beck, Me. H. van Niekerk

Politieke Wetenskap

Prof. **D.P. Wessels, Prof. A. Duvenhage, Prof. H. Hudson, Mnr. N.L. Combrink, Mnr. J.A. Smiles, Me. A.M. Harsant, Mnr. P.A. Schoeman, Mnr. A. van Zyl

Sentrum vir Gesondheidsstelselnavorsing

Prof. **H.C.J. van Rensburg, Prof. C. Ngweni, Dr. F. le R. Booysen, Mnr. J.C. Heunis, Mnr. Z.S. Matebesi, Mnr. F. Steyn, Me. E. Adendorff, Me. M. Engelbrecht, Me. E. Janse van Rensburg-Bonthuyzen, Me Joy Summerton

Sielkunde

Prof. **D.A. Louw, Prof. G.K. Huysamen, Prof. A. le Roux, Dr. K.G.F. Esterhuysen, Dr. A.A. Grobler, Dr. J.C. Jooste, Dr. A.E. Louw, Dr. H.S. van den Berg, Mnr. D.C. Odendaal, Me. L. Naudé, Me. A.A. Sharp, Mej. R.R. Moodaley, Dr. C.P. van Wyk

Sosiologie

Prof. **E. Pretorius, Prof. D.C. Groenewald, Prof. A.J. Pelser, Dr. S.J.E.J. van Vuuren, Mnr. D.F. Jacobs, Me. L. Ackermann, Me. M. de Wet, Dr. E.J. Crause, Mej. J.C. Jansen van Rensburg

NAGRAADSE KURSUSSE: ALGEMENE INLIGTING

L.W. Dit is belangrik dat studente op hoogte is van die algemene regulasies sowel as die fakulteitsregulasies wat betrekking het op hul studies.

1.1 Algemene regulasies van die Universiteit

Die algemene regulasies van die Universiteit wat op alle studente en fakulteite van toepassing is, word in die Jaarboek "Algemeen" van die Universiteit uiteengesit.

1.2 Fakulteitsregulasies

Die Fakulteitsregulasies wat spesifiek betrekking het op die grade aangebied deur die Fakulteit Geesteswetenskappe word in hierdie boek uiteengesit.

1.3 Grade aangebied

Die drie vlakke waarop nagraadse kwalifikasies deur die Fakulteit Geesteswetenskappe aangebied word, is (1) Baccalaureus Artium Honores (B.A.Hons.), Baccalaureus Societatis Scientiae Honores (B.Soc.Sc.Hons.), (2) Magister Artium (M.A.), Magister Societatis Scientiae (M.Soc.Sc.), en (3) Philosophiae Doctor (Ph.D.).

1.4 Algemene toelatingsvereistes tot nagraadse kursusse

In die reël word studente slegs toegelaat tot nagraadse studie en tot elke hoër vlak van nagraadse studie indien hulle aan die Universiteit se registrasievereistes voldoen, die voorafgaande graad met 'n punt van 60% of meer geslaag het en deur die Departementshoof van die betrokke kursus aanvaar word.

1.5 B.A.Hons.- en B.Soc.Sc.Hons.-grade

Tensy andersins vermeld, is die grade B.A.Hons. en B.Soc.Hons. 'n eenjaar voltydse of 'n tweejaar deeltydse studie in 'n spesifieke veld. In die reël moet studente ter voltooiing van die onderskeie grade, kursusse vir die eksamen kies, navorsing doen en 'n skripsie skryf. In die reël vorm die B.A.Hons. en B.Soc.Sc.Hons. ook die eerste jaar van die tweejaar gestruktureerde M.A./M.Soc.Sc.-grade. Die spesifieke

besondere van elke kursus verskil en studente moet hulself noukeurig vergewis van die vereistes van die kursus wat hul kies.

1.6 M.A.- en M.Soc.Sc.-grade

In die reël het studente 'n keuse tussen (1) 'n tweejaar gestruktureerde M.A. en M.Soc.Sc. en (2) 'n M.A./M.Soc.Sc. deur middel van 'n verhandeling.

(1) Die tweejaar, voltydse, gestruktureerde M.A./M.Soc.Sc. vereis dat studente kursusse vir die eksamen kies, navorsing doen en 'n skripsie skryf. In die reël kan studente registreer vir die gestruktureerde grade M.A./M.Soc.Sc. onmiddellik nadat die grade B.A./B.Soc.Sc. voltooi is. Die grade B.A.Hons./B.Soc.Sc.Hons. kan as "uitreegraad" aan die einde van die eerste jaar verwerf word. (2) Die M.A./M.Soc.Sc., wat deur middel van 'n verhandeling voltooi word, vereis dat studente 'n substansiële navorsingsverslag skryf oor 'n onderwerp wat ooreengekom is met die Departementshoof of studieleier, wat deur die departementshoof aangewys is. In sekere kursusse word 'n aantal artikels, wat in geakkrediteerde tydskrifte gepubliseer is, in plaas van 'n verhandeling aanvaar.

Aangesien die spesifieke vereistes van kursusse verskil, moet studente op hoogte wees met die vereistes van die kursus waarop hulle besluit.

1.7 Die Ph.D.-graad

Tensy andersins vermeld, word 'n Doktorsgraad toegeken aan 'n M.A./M.Soc.Sc.-gegraduate wat 'n proefskrif met selfstandige studie onderneem het. In sekere kursusse word 'n aantal gepubliseerde of publiseerbare artikels in plaas van 'n proefskrif aanvaar. Studente moet op hoogte wees met die spesifieke vereistes van hul kursus.

1.8 Die volgende nagraadse kwalifikasies word in die Fakulteit toegeken:

Lettere en Wysbegeerte	Min. Tydperk van studie	Afkorting	Studie-kode
HONNEURSGRADE			
Baccalaureus Artium Honores	1 jaar	B.A.Hons.	01500
Baccalaureus Artium Honores (Kultuurstudie)	1 jaar	B.A.Hons. (Kultuurstudie)	01501

Lettere en Wysbegeerte	Min. Tydperk van studie	Afkorting	Studie-kode
Baccalaureus Artium Honores (Taalstudie)	1 jaar	B.A.Hons. (Taalstudie)	01502
Baccalaureus Artium Honores (Menslike Bewegingskunde)	1 jaar	B.A.Hons. (Menslike Bewegingskunde)	01504
MAGISTERGRADE			
Magister Artium	1 jaar	M.A.	01700
Magister Artium (Afrikastudie)	1 jaar	M.A. (Afrikastudie)	01708
Magister Artium (Mediastudie)	2 jaar	M.A. (Mediastudie)	01702
Magister Artium (Korporatiewe Kommunikasie)	2 jaar	M.A. (Korporatiewe Kommunikasie)	01703
Magister Artium (Geïntegreerde Bemerkingskommunikasie)	2 jaar	M.A. (Geïntegreerde Bemerkingskommunikasie)	01704
Magister Artium (Kommunikasiekunde)	2 jaar	M.A. (Kommunikasiekunde)	01760
Magister Artium (Kultuurstudie)	1 jaar	M.A. (Kultuurstudie)	01706
Magister Artium (Menslike Bewegingskunde)	1 jaar	M.A. (Menslike Bewegingskunde)	01707
Magister Artium (Nabye Oosterse Studie)	1 jaar	M.A. (Nabye Oosterse Studie)	01721
Magister in Owerheidstaak en Politieke Transformasie	1 jaar	M.O.P.T.	01820
Magister Artium (Taalpraktyk)	2 jaar	M.A. (Taalpraktyk)	
(i) Vertaling		Vertaling	01714
(ii) Tolking		Tolking	01715
(iii) Leksikografie en Terminologie		Leksikografie en Terminologie	01716
(iv) Taalbestuur		Taalbestuur	01717
(v) Taaltegnologie		Taaltegnologie	01709
Magister Artium (Taalstudie)	2 jaar	M.A. (Taalstudie) .	01718
Magister Artium (Voorligtingsielkunde)	2 jaar	M.A. (Voorligtingsielkunde)	01800
Magister Artium (Kliniese Sielkunde)	2 jaar	M.A. (Kliniese Sielkunde)	01810
DOKTORSGRADE			
Philosophiae Doctor	2 jaar	Ph.D.	01960

Lettere en Wysbegeerte	Min. Tydperk van studie	Afkorting	Studie- kode
---------------------------	----------------------------	-----------	-----------------

NAGRAADSE DIPLOMAS

Nagraadse Diploma (Taalpraktyk):.....	1 jaar	N.D.T.	
(i) Vertaling			01201
(ii) Tolking			01202
(iii) Leksikografie en Terminologie			01203
(iv) Taalbestuur			01204
(v) Taaltegnologie			01206

Kunste	Min. Tydperk van studie	Afkorting	Studie- kode
--------	----------------------------	-----------	-----------------

HONNEURSGRADE

Baccalaureus Musicae Honores	1 jaar	B.Mus.Hons.	01540
---------------------------------------	--------	------------------	-------

MAGISTERGRADE

Magister Artium (Beeldende Kunste)	2 jaar	M.A. (Beeldende Kunste)	01790
Magister Musicae	1 jaar	M.Mus.	01740
Magister Artium (Drama en Teaterkuns)	2 jaar	M.A. (Drama en Teaterkuns)	01711

DOKTORSGRADE

Philosophiae Doctor (Beeldende Kunste)	2 jaar	Ph.D. (Beeldende Kunste)	01960
Philosophiae Doctor (Drama- en Teaterkuns)	2 jaar	Ph.D. (Drama- en Teaterkuns)	01960
Philosophiae Doctor (Musiek)	2 jaar	Ph.D. (Musiek)	01960

Sosiale Wetenskappe	Min. Tydperk van studie	Afkorting	Studie-kode
HONNEURSGRADE			
Baccalaureus Societatis Scientiae Honores	1 jaar	B.Soc.Sc.Hons.	02500
Baccalaureus Societatis Scientiae Honores (Mens- en Samelewings-dinamika)	1 jaar	B.Soc.Sc.Hons. (M.S.D.)	02510
MAGISTERGRADE			
Magister Societatis Scientiae	1 jaar	M.Soc.Sc.	02700
Magister Societatis (Kliniese Sielkunde)	2 jaar	M.Soc.Sc. (Kliniese Sielkunde) ...	02730
Magister Societatis (Voorligting-sielkunde)	2 jaar	M.Soc.Sc. (Voorligtingsielkunde) .	02740
Magister Societatis Scientiae (Maatskaplike Werk)	2 jaar	M.Soc.Sc. (M.W.)	02710
Magister Societatis Scientiae (Mens- en Samelewingsdinamika)	2 jaar	M.Soc.Sc. (M.S.D.)	02701
Magister in Psigologie	1 jaar	M.Psig.	01712
Magister Artium (Genderstudie)	2 jaar	M.A. (Genderstudie)	01701
DOKTORSGRADE			
Philosophiae Doctor	2 jaar	Ph.D.	02930
NAGRAADSE DIPLOMAS			
Nagraadse Diploma in Sosiale Dienste	1 jaar	N.D.S.D.	02201
Nagraadse Diploma in Genderstudie	1 jaar	N.D.G.	01014
SERTIFIKAAT			
Sertifikaat in Genderstudie	1 jaar		01013

NAGRAADSE PROGRAM VIR DIE KUNSTE

**REG. B31 BACCALAUREUS ARTIUM HONORES –
DRAMA EN TEATERKUNS
B.A.Hons.
Studiekode: 01500**

Die graad B.A.Hons. (Drama en Teaterkuns) word aan studente toegeken wat registreer vir die graad M.A. (Drama en Teaterkuns), maar wat slegs die eerste jaar van die kursus voltooi.

**REG. B32 MAGISTER ARTIUM (DRAMA EN TEATERKUNS)
M.A. (Drama en Teaterkuns)
Studiekode: 01711**

1. ASSESSERING

Studente word deurlopend geassesseer in tutoriale klasse, seminare, praktiese sessies en openbare optredes; en op grond van enige skriftelike werk wat werkstukke, artikels en 'n verhandeling kan insluit.

Sekere aspekte van die kursus kan tydens 'n skriftelike eksamen geassesseer word.

2. KURRIKULUM

Albei jare van die kursus het (1) 'n verpligte module; en (2) 'n beperkte keuse gedeelte waar studente modules uit 'n tabel kies.

3. DIE EERSTE JAAR (120 krediete)

3.1 Verpligte module (16 krediete)

KODES	NAAM VAN MODULES	KREDIETE
ANT324	Etnografie: Beginsels en praktyk	16

3.2 Beperkte keusemodules (104 krediete)

Studente moet enige drie teoretiese modules en enige een praktiese module uit die tabel kies:

KODES	NAAM VAN MODULE	KREDIETE
DMC701	Kontemporêre teaterfilosofie (Teorie)	24
DMU701	Huidige teatertendense (Teorie)	24
DMH701	Teater en Dramageskiedenis (Teorie)	24
DMA701	Afrikateater (Teorie)	24
DMP701	Teater en produksiebestuur (Prakties)	32
DMS701*	Tegniese aspekte van die Teater (Teorie)	24
DMS702*	Tegniese Aspekterprojek (Prakties)	32
DMW701	Kreatiewe skryf en kritiek. (Prakties)	32
DMD701	Gevorderde regie (Prakties)	32
DMO701	Gemeenskapteater (Prakties)	32
DME701	Spraak en studiopraktyk (Teorie)	24
DMR701	Drama-onderwysstrategie (Teorie)	24
DMZ701	Kinderteaterteorie (Teorie)	24

(* **Let wel:** DMS701 Tegniese Aspekte van Teater en DMS702 Tegniese Aspekterprojek moet saam geneem word.)

4. DIE TWEDE JAAR (120 krediete)

4.1 Verpligte module (60 krediete)

KODES	NAAM VAN MODULE	KREDIETE
DMZ791	Teaterprojek: Skripsie	60

4.2 Beperkte keusemodule (60 krediete)

Studente moet enige een van die praktiese modules in die tabel kies:

Elektiewe Kies een praktiese module hieronder		
DMV701	Stem en spraakprojek	60
DMN701	Gevorderde spel	60
DMI701	Gevorderde regie	60
DMQ701	Entrepreneuriese kunsprojek	60
DMG701	Gevorderde tegniese aspekte en ontwerp	60
DMX701	Kinderteater projekte	60
DMY701	Gemeenskapskuns projek	60
DMM701	Gevorderde verhooggrimering	60

**REG. B33 PHILOSOPHIAE DOCTOR –
 DRAMA EN TEATERKUNS
 Ph.D.
 Studiekode: 01960**

1. OPSIES VIR DIE VERWERWING VAN DIE Ph.D.-GRAAD

Die graad Ph.D. (Drama en Teaterkuns) kan verwerf word deur (1) 'n proefskrif of (2) kursuswerk. Studente wat opsie (1) verkies moet in oorleg met die Departementshoof of 'n promotor (wat deur die Departementshoof aangestel is) 'n onderwerp kies en 'n verdienstelike proefskrif voorlê.

2. Ph.D. DEUR MIDDEL VAN KURSUSWERK

2.1 DUUR

Die graad kan binne twee jaar se voltydse studie voltooi word.

2.2 ASSESSERING

Studente word deurlopend geassesseer op grond van hul praktiese en skriftelike werk.

2.3 KURRIKULUM (240 krediete)

Studente moet een van die drie opsies kies:

2.4 OPSIE 1:

KODE	NAAM VAN MODULE	KREDIETE
DRM901	Drama en teater opvoeringskuns	40
DRM902	Drama en teater opvoeringskuns	40
DRM903	Drama en teater opvoeringskuns	40
DRM991	Skripsie	120

2.5 OPSIE 2:

KODE	NAAM VAN MODULE	KREDIETE
DRM901	Drama en teater opvoeringskuns	40
DRM902	Drama en teater opvoeringskuns	40
DRM903	Drama en teater opvoeringskuns	40
DRM904	Drama en teater opvoeringskuns	40
DRM971	Artikel	80

2.6 OPSIE 3:

KODE	NAAM VAN MODULE	KREDIETE
DRM901	Drama en teater opvoeringskuns	40
DRM902	Drama en teater opvoeringskuns	40
DRM903	Drama en teater opvoeringskuns	40
DRM904	Drama en teater opvoeringskuns	40
DRM905	Drama en teater opvoeringskuns	40
DRM908	Lesingdemonstrasie	40

**REG. B34 BACCALAUREUS ARTIUM HONORES –
KUNSGESKIEDENIS ÓF VISUELE KULTUURSTUDIE
B.A.Hons.
Studiekode: 01500**

Studente mag die B.A.Hons. in óf Kunsgeskiedenis óf Visuele Kultuurstudie studeer.

1. TOELATINGSVEREISTES

- 1.1 Om tot die kursus in Kunsgeskiedenis toegelaat te word moet kandidate in besit wees van enige van die volgende kwalifikasies:
 - B.A. (Beeldende Kunste)
 - B.A. (Gekombineerde Kunste) met minstens 128 krediete in Kunsgeskiedenis.
 - Enige toepaslike Baccalaureusgraad, onderhewig aan voorlopige assessering en/of bykomende leer soos vasgestel in oorleg met die Departementshoof.
- 1.2 Om tot die kursus in Visuele Kultuurstudie toegelaat te word, moet kandidate in besit wees van enige van die volgende kwalifikasies:
 - B.A. (Kultuurstudie) met minstens 72 krediete in Visuele Kultuurstudie.
 - B.A. (Beeldende Kunste).
 - B.A. (Gekombineerde Kunste) met minstens 96 krediete in Kunsgeskiedenis en/of Visuele Kultuurstudie.
 - Enige toepaslike Baccalaureusgraad, onderhewig aan voorlopige assessering en/of bykomende leer, vasgestel in oorleg met die Departementshoof.
- 1.3 Kandidate mag slegs vir die graadkursus registreer nadat die Departementshoof hul toelating asook hul keuse van modules en onderwerpe goedgekeur het.

2. ASSESSERING

Studente skryf 'n skripsie (32 krediete) en drie eksamenvraestelle (32 krediete elk).

3 KURRIKULUM (128 krediete)

Studente kies vier modules uit die onderstaande lys van óf Kunsgeskiedenis (KGK) óf Visuele Kultuurstudie (VCT). Die kursus word aangebied op tutoriaalbasis.

KGK614 / VCT614	Estetiese teorie
KGK624 / VCT624	Visuele en kulturele teorie
KGK634 / VCT634	Museumstudie
KGK644 / VCT644	Genderstudie
KGK654 / VCT654	Stedelikheidstudie
KGK664 / VCT664	Woord-beeldstudie
KGK674 / VCT674	Kunsantropologie

**REG. B35 MAGISTER ARTIUM – KUNSGESKIEDENIS
ÓF VISUELE KULTUURSTUDIE
M.A.
Studiekode: 01700**

Studente mag die M.A.-graad in óf Kunsgeskiedenis óf Kultuurstudie studeer.

1. TOELATINGSVEREISTES

- 1.1 Om tot die kursus in Kunsgeskiedenis toegelaat te word, moet kandidate in besit wees van een van die volgende kwalifikasies:
 - 'n B.A. Honneurs in Kunsgeskiedenis
 - Enige toepaslike Baccalaureus Honneurs-kwalifikasie onderhewig aan voorlopige assessering en/of bykomende leer, vasgestel in oorleg met die Departementshoof.
- 1.2 Om tot die kursus in Visuele Kultuurstudie toegelaat te word, moet kandidate ook in besit wees van enige van die volgende kwalifikasies:
 - 'n B.A. Honneurs in Visuele Kultuurstudie
 - 'n Interdissiplinêre B.A. Honneurs (Kultuurstudie) met elektiewe kursusse in Visuele Kultuurstudie.
 - Enige toepaslike B.A. Honneurs-kwalifikasie onderhewig aan 'n voorlopige assessering en/of bykomende leer vasgestel in oorleg met die Departementshoof.
- 1.3. Kandidate mag vir die graadstudie registreer slegs nadat die Departementshoof hul toelating en kurrikulum goedgekeur het.

2. ASSESSERING

Afhangende van die opsie wat die studente uit die onderstaande kies, word hulle geassesseer deur middel van 'n verhandeling, of oor twee publiseerbare navorsingsartikels, of deur middel van 'n skripsie en 'n skriftelike eksamen.

3. KURRIKULUM (128 krediete)

Studente moet een van die volgende drie opsies kies.

	KODE	VORM VAN EKSAMEN	KREDIETE
Opsie 1	KGK700; of VCT700	Skripsie	128

	KODE	VORM VAN EKSAMEN	KREDIETE
Opsie 2	KGK702; of VCT702	Twee verbandhoudende artikels, publikasie gereed	2 x 64 = 128

	KODE	VORM VAN EKSAMEN	KREDIETE
Opsie 3	KGK791 / VCT791	Skripsie	64
	KGK703 / VCT703	3 uur geskrewe eksamen	16
	KGK704 / VCT704	3 uur geskrewe eksamen	16
	KGK705 / VCT705	3 uur geskrewe eksamen	16
	KGK706 / VCT706	1 uur mondelinge eksamen	16

**REG. B36 PHILOSOPHIAE DOCTOR – KUNSGESKIEDENIS ÓF
VISUELE KULTUURSTUDIE
Ph.D.
Studiekode: 01960**

Nagraadse studie vir die Ph.D.-graad word aangebied in óf Kunsgeskiedenis óf Visuele Kultuurstudie.

1. TOELATINGSVEREISTES

Benewens die algemene regulasies van die universiteit ten opsigte van toelating tot die Ph.D. moet studente ook aan die onderstaande voorvereistes voldoen.

1.1 Om tot die Ph.D.-graadstudie in Kunsgeskiedenis toegelaat te word, moet kandidate in besit wees van enige van die volgende kwalifikasies:

- M.A. in Kunsgeskiedenis
- Enige toepaslike Magister-kwalifikasie, onderhewig aan voorlopige assessering en/of bykomende leer, vasgestel in oorleg met die Departementshoof.

1.2 Om tot die Ph.D.-graadstudie in Visuele Kultuurstudie toegelaat te word, moet kandidate in besit wees van enige van die volgende kwalifikasies:

- 'n M.A. in Visuele Kultuurstudie
- 'n Interdisiplinêre M.A. (Kultuurstudie) met modules in Visuele Kultuurstudie.
- 'n M.A. in Kunsgeskiedenis
- Enige toepaslike Magister-kwalifikasie onderhewig aan voorlopige assessering en/of bykomende leer, vasgestel in oorleg met die Departementshoof.

2. KURRIKULUM EN ASSESSERING (240 krediete)

Studente kan die Ph.D.-graad op een van die volgende twee wyses verwerf:

- 2.1 'n Proefskrif (kursuskode KGK900 of VCT900) oor 'n goedgekeurde navorsingsonderwerp in Kunsgeskiedenis of Visuele Kultuurstudie, gekies deur die kandidaat in oorleg met die aangewese promotor(s).
- 2.2 Vyf verwante artikels in publiseerbare formaat oor 'n goedgekeurde navorsingsonderwerp in óf Kunsgeskiedenis (KGK905) óf Visuele Kultuurstudie (VCT905).

REG. B37 MAGISTER ARTIUM (BEELDENDE KUNSTE)
M.A. (Beeldende Kunste)
Studiekode: 01790

1. TOELATINGSVEREISTES

Bykomend tot die toelatingsvereistes vermeld in 1.4 onder Algemene Inligting, is toelating tot die kursus onderhewig aan die goedkeuring van die Departementshoof op grond van die standaard van die kandidaat se portefeulje van skeppende werke.

2. ASSESSERING

Studente word op grond van die keuse wat hulle uitoefen deur 'n kombinasie van metodes geassesseer. Die metodes bestaan uit (1) 'n voorlegging van 'n portefeulje van skeppende werke; (2) die skryf van 'n verhandeling en (3) 'n skriftelike eksamen.

3. KURRIKULUM (240 krediete)

Student kies een van drie opsies. Elkeen van die drie opsies duur twee jaar.

Opsie 1	KODE	NAAM VAN MODULE	KREDIETE
	XMP709	Portefeulje skeppende werke	120
	XMV791	Skripsie	120

Opsie 2	XMP709	Portefeulje skeppende werke	120
	XMA702	Twee artikels	120

Opsie 3	XMP709	Portefeulje skeppende werke	120
	XME701	Eksamen	40
	XME702	Eksamen	40
	XME703	Eksamen	40

REG. B38 PHILOSOPHIAE DOCTOR – BEELDENE KUNSTE
Ph.D.
Studiekode: 01960

1. TOELATINGSVEREISTES

Kandidate moet die graad M.A. (Beeldende Kunste) met 'n minimum van 60% voltooi en 'n portefeulje van skeppende werke, op 'n aanvaarbare standaard, aan die Departementshoof voorlê.

2. KURRIKULUM

Jaar 1 en 2	KODE	NAAM VAN MODULE	KREDIETE
	XDP901	Portefeulje skeppende werke	120
	XDA905	Twee artikels	120

1. TOELATINGSVEREISTES

Behalwe die toelatingsvereistes wat onder Algemene Inligting vermeld is, moet studente ten minste 60% vir alle musiekteoretiese en praktiese modules in die tweede en derde studiejare van B.Mus of B.A. (Mus.) behaal het. Studente wat graag Uitvoerende Kuns as spesialisasie module wil neem, minstens 65% in Toegepaste Musiekstudie op vlak A behaal, of 70% in Toegepaste Musiekstudie op vlak B in die derde studiejaar van die grade B.Mus. of B.A. (Musiek). Studente wat nie aan hierdie vereistes voldoen nie, maar dit nogtans oorweeg om Uitvoerende Kuns aan te bied, moet 'n oudisie vir toelating aflê.

2. DEURLOPENDE EN EINDASSESSERING

Die praktiese en teoretiese werk van studente word deurlopend deur middel van gepaste metodes vir die verskillende modules geassesseer. Die eindassessering van studente se uitvoerende tegnieke, musikaliteit asook teoretiese kennis, is deur middel van gepaste metodes vir die verskillende praktiese en teoretiese aspekte van elke module.

3. KURRIKULUM (124 krediete)

Die kurrikulum is saamgestel uit (1) verpligte modules en (2) beperkte keusemodules.

3.1 Verpligte modules (72 krediete)

KODE	NAAM VAN MODULE	KREDIETE
CSA609*	Capita Selecta	36
MUE691	Skripsie	36

***CSA609: Studente neem 'n Capita Selecta uit die volgende:**

1. Inleiding tot Navorsingsmetodologie; en
2. enige drie van die volgende:
 - Musiekfilosofie
 - Musieksosiologie
 - Musiekteorie
 - Musiektegnologie

(Twee eksamenvraestelle)

3.2 Beperkte keusemodules (52 krediete)

Studente moet enige een van die volgende spesialisasieopsies neem:

	KODE	NAAM VAN MODULE	KREDIETE
Opsie 1	RIM609	Musikologiese Studies	36
	MMG614	Geskiedenis van Vakonderwys in Musiek	16

Opsie 2	SMS609	Sistematiese Musiekstudie	36
	MTP614	Musiekteorie Pedagogiek	16

Opsie 3	MOP609	Musiekopvoeding en -praktyk	36
	OMT614	Onderwysmedia en -tegnologie	16

Opsie 4*	MUK609	Uitvoerende Kuns	36
	REP614	Repertorium	16

Opsie 5*	KRL609	Koorleiding	36
	REP614	Repertorium	16

Opsie 6	JAZ609	Jazzstudie	36
	REP614	Repertorium	16

***MUK609**

Die konsertprogramme vir hierdie modules moet op 'n gepaste musikale en tegniese vlak wees en moet eers vir goedkeuring voorgelê word en in die openbaar uitgevoer word.

- Die program moet uit ten minste 50% solowerke bestaan, maar mag 'n concerto of konsertstuk, kamermusiek of die begeleiding van kunsliedere insluit.
- Die program vir sangers moet een Liedersiklus of 'n volledige opusnommer deur een komponis insluit.

***KRL609**

Studente word geassesseer tydens 'n skriftelike eksamen oor koortegnieke (*50% van die totale punt*) en oor 'n kooruitvoering van ongeveer 30 minute (*50% van die totale punt*). Die program moet vooraf vir goedkeuring voorgelê word.

REG. B40 MAGISTER MUSICAE
M.MUS
Studiekode: 01740

1. TOELATINGSVEREISTES

Behalwe die toelatingsvereistes vermeld onder Algemene Inligting, moet studente in besit wees van 'n honneursgraad in musiek of ander kwalifikasie(s) wat as die ekwivalent hiervan aanvaar kan word. Studente wat Uitvoerende Kuns as hul spesialisasierigting wil neem moet 'n toelatingsoudisie slaag.

2. DEURLOPENDE EN EINDASSESSERING

Die praktiese en teoretiese werk van studente word deurlopend deur middel van gepaste metodes vir die verskillende modules geassesseer. Die eindassessering van studente se uitvoerende tegnieke, musikaliteit asook teoretiese kennis, is deur middel van gepaste metodes vir die verskillende praktiese en teoretiese aspekte van elke module.

3. KURRIKULUM (128 krediete)

Studente moet een van die volgende vier opsies kies:

Opsie 1: Vraestelle en navorsings-komponent	KODE	NAAM VAN MODULE	KREDIETE
	HIS708 of SMS708 of MUO708	Historiografie of Sistematiese Musiekstudie of Musiekopvoedkundige Studie	32 32 32
	RIM704	Musikologiese Studies	16
	RMT704	Musiekteoretiese Studies	16
	MUE792 of ARL701	Skripsie of een (1) publiseerbare artikel	64 64
Opsie 2: Uitvoerende kuns en navorsings-komponent	MUK701	Uitvoerende Kuns	32
	MUK702	Uitvoerende Kuns	32
	MUE792 of ARL701	Skripsie of een (1) publiseerbare artikel	64 64
Opsie 3: Uitvoerende kuns en skripsie of projekverslag	MUK701	Uitvoerende Kuns	32
	MUK702	Uitvoerende Kuns	32
	MUK703	Uitvoerende Kuns	32
	MUE791 of PJV701	Skripsie of Projekverslag	32 32
Opsie 4: Verhandeling of twee artikels	MUS700 of ARL702	Verhandeling of twee (2) publiseerbare artikels	128 128

OPMERKING: MUK – Uitvoerende Kuns

- Al die konsertprogramme vir hierdie modules moet op 'n gepaste musikale en tegniese vlak wees en moet vir goedkeuring voorgelê word en in die openbaar uitgevoer word.
- Programme vir klavierbordspelers en orkesinstrumentaliste mag die volgende insluit: kamermusiek (of sangbegeleiding op 'n gepaste standaard), 'n concerto (volledig of 'n konsertstuk vir solis en orkes). Sangers mag werke wat vir stem en orkes bedoel is (soos arias uit operas of oratoriums) met klavierbegeleiding uitvoer.
- Die programme vir koorleiding moet uit goedgekeurde koorrepertorium saamgestel word.

REG. B41 PHILOSOPHIAE DOCTOR (MUSIEK)
Ph.D. (Musiek)
Studiekode: 01960

TOELATINGSVEREISTES

Verwys asseblief na Algemene Inligting.

Opmerking: Kandidate moet die Departementshoof voor registrasie raadpleeg oor die formaliteite van die kursus.

Die graad Ph.D. (Musiek) word toegeken vir 'n proefskrif of vyf publiseerbare artikels.

KODE	NAAM VAN MODULE	KREDIETE
MUS900 of ARL905	Proefskrif of Vyf (5) publiseerbare artikels	240 240
Total krediete vir die graad:		240

NAGRAADSE PROGRAM VIR ALGEMENE GEESTESWETENSKAPLIKE GRADE

1. LYS VAN NAGRAADSE GRADE

Nagraadse grade word toegeken in die volgende vakke:

Afrikatale *
Afrikaans en Nederlands *
Antropologie
Bybelkunde
Duits *
Ekonomie
Engels *
Filosofie
Frans *
Gebaretaal *
Geografie
Geskiedenis
Grieks
Kriminologie
Kunsgeskiedenis en Visuele Kultuur
Latyn *
Linguistiek *
Nabye Oosterse Studie
Ondernemingsbestuur
Politieke Wetenskap
Semitiese Tale *
Sielkunde
Sosiologie
Teologie

2. BESONDERHEDE VAN NAGRAADSE GRADE IN TALE

Verwys na die Program vir Taalstudie hieronder vir besonderhede oor nagraadse grade in tale en linguistiek (die vakke gemerk met 'n asterisk *).

ANTROPOLOGIE

**REG. B43 BACCALAUREUS ARTIUM HONORES –
ANTROPOLOGIE
B.A.HONS.
Studiekode: 01500**

VOORSKRIFTE EN VOORLIGTING

Benewens die algemene toelatingsvereistes tot die B.A. Honneurs, geld die volgende:

1. Toelating tot die Honneurs in Antropologie is onderhewig aan die goedkeuring van die Departementshoof.
2. Studente moet in besit wees van enige driejarige Baccalaureusgraad of gelykwaardige kwalifikasie in welke geval, indien dit nodig geag word, 'n bykomende toelatingsassessering vereis kan word.

Behalwe hul formele werksopdragte, word van studente verwag om deel te neem aan ekskursies, vakkongresse, seminare en lesings deur gasdosente.

1. KURRIKULUM (128 krediete)

Die kurrikulum is saamgestel uit:

- (1) twee verpligte modules (50% van die kursus) wat tydens twee drie-uur vraestelle geassesseer word.
- (2) 'n opsionele gedeelte (25% van die kursus) waar studente 'n module uit 'n voorgeskrewe lys kies. Die module word tydens een drie-uur vraestel geassesseer.
- (3) 'n verdere opsionele gedeelte (25% van die kursus) waar studente 'n tweede module uit die voorgeskrewe lys vir eksamendoeleindes ('n drie-uur vraestel) kies of op 'n goedgekeurde onderwerp besluit waaroor hulle óf 'n skripsie óf 'n publiseerbare artikel skryf.

1.1 Verpligte modules (64 krediete)

KODE	MODULE	KREDIETE
ANT618	Historiese / filosofiese / (meta)teoretiese / metodologiese tendense	32
ANT628	Gevorderde studie van kultuur	32

1.2 Keuse gedeelte (32 krediete)

Studente moet een van die volgende modules in oorleg met die Departementshoof kies. Al die modules bestaan uit 32 krediete.

KODE	MODULE
ANT638	Politiese Antropologie
ANT639	Mediese Antropologie
ANT640	Ekonomiese Antropologie
ANT641	Juridiese Antropologie
ANT642	Antropologie en opvoeding
ANT643	Antropologie en religie
ANT644	Antropologie en kuns
ANT645	Antropologie en sosiale strukture
ANT646	Etnosleer
ANT647	Antropologie en verstedeliking
ANT648	Antropologie en die bedryf

1.3 Verdere keuse gedeelte (32 krediete)

Studente moet óf 'n tweede module uit die lys in 1.2 hierbo vir eksamendoeleindes kies

óf

ANT691	'n Skripsie of 'n publiseerbare artikel wat gebaseer is op veldwerk en waarin die kundigheid van die vorige vraestelle weerspieël word.
--------	---

REG. B44 MAGISTER ARTIUM – ANTROPOLOGIE
M.A.
Studiekode: 01700

1. TOELATINGSVEREISTES

Onderhewig aan die vereistes soos uiteengesit in 1.4. onder Algemene Inligting mag studente tot die Magister in Kulturele Antropologie toegelaat word indien hulle in besit is van 'n B.A. Hons. (Antropologie).

2. ASSESSERING

Afhangende van die opsie waarop die studente besluit, word hulle deur middel van óf 'n verhandeling óf 'n skripsie en drie drie-uur eksamenvraestelle geassesseer.

3. KURRIKULUM (128 krediete)

Studente moet een van twee opsies kies.

Opsie 1	KODE	MODULE	KREDIETE
	ANT700	Skripsie	128

Opsie 2	KODE	MODULE	KREDIETE
	ANT791	Skripsie	32
	ANT718	Bestek, denkskole en wetenskaps-filosofie soos van toepassing op die antropologie	32
	ANT728	Gevorderde studie van kultuur	32
	ANT738	Metodologie en etiek	32

REG. B45 PHILOSOPHIAE DOCTOR – ANTROPOLOGIE
Ph.D.
Studiekode: 01960

1. TOELATINGSVEREISTES

Onderhewig aan die vereistes soos uiteengesit in 1.4. onder Algemene Inligting, mag studente tot die Doktorsgraad in Kulturele Antropologie toegelaat word indien hulle in besit is van 'n Magistergraad.

2. KURRIKULUM EN ASSESSERING (256 krediete)

Studente moet 'n proefskrif (kursuskode ANT900) skryf oor 'n onderwerp wat in oorleg met die promotor en die Departementshoof gekies is.

B46 KUNSGESKIEDENIS EN VISUELE KULTUURSTUDIE

Verwys na die Program vir die Kunste.

B47 BYBELKUNDE

Raadpleeg die Jaarboek van die Fakulteit Teologie vir meer besonderhede.

B48 ONDERNEMINGSBESTUUR

Raadpleeg die Jaarboek van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe vir meer besonderhede.

KRIMINOLOGIE

**REG. B49 BACCALAUREUS ARTIUM HONORES –
KRIMINOLOGIE
B.A.HONS.
Studiekode: 01500**

Die B.A.Hons. in Kriminologie word slegs as "uittree"-graad aan studente toegeken wat vir die Magistergraad registreer en die eerste jaar van die gestruktureerde Magistergraad voltooi, maar nie met die tweede jaar voortgaan nie, of wat nie die skripsie suksesvol voltooi nie, of wat nie 'n finale syfer (slaagsyfer) van minstens 60% in KRM728 behaal nie.

**REG. B50 MAGISTER ARTIUM – KRIMINOLOGIE
M.A.
Studiekode: 01700**

1. TOELATINGSVEREISTES

Onderhewig aan die vereistes soos uiteengesit in 1.4. onder Algemene Inligting, mag studente tot die Magistergraad in Kriminologie toegelaat word indien (1) hulle oor 'n Baccalaureusgraad met 96 krediete in Kriminologie of (2) oor 'n Honneursgraad in Kriminologie beskik. Studente met 'n Honneursgraad mag, met die toestemming van die Departementshoof en volgens die voorwaardes wat bepaal word, slegs nodig hê om 'n skripsie (KRM791) te voltooi (128 krediete). Hierdie studente sal dus in die tweede jaar van die gestruktureerde M.A.-graad wees (verwys na punt 5 hieronder).

Kandidate moet aansoek doen vir toelating: UV-studente wat nie hul studies onderbreek het nie, mag by die Departementshoof aansoek doen; UV-studente wat hul studies onderbreek het en studente van

ander universiteite moet direk by die administrasie (Afdeling Akademiese Studentedienste) aansoek doen om toelating.

Toelating is onderhewig aan departementele goedkeuring en word bepaal aan die hand van volgehoue akademiese prestasie op voorgraadse- en/of honneursvlak(ke) en keuringsvereistes wat die Departementshoof bepaal indien 'n tydperk van langer as twee jaar verloop het sedert die verwerwing van die voorafgaande kwalifikasie. 'n Finale syfer (slaagsyfer) van minstens 60% word in KRM728 vereis om tot die tweede jaar (KRM791) van die gestruktureerde graad toegelaat te word.

2. UITTREEVLAK

Studente wat die eerste jaar van die gestruktureerde graad voltooi, maar wat nie voortgaan om die tweede jaar te voltooi nie, of wat nie die skripsie suksesvol voltooi nie, of wat nie 'n finale syfer (slaagsyfer) van minstens 60% in KRM728 behaal nie, mag met 'n B.A.Hons. (Kriminologie) uittree.

3. KURRIKULUM EN ASSESSERING (256 krediete)

Studente moet een van die opsies hieronder kies en afhangend van hul keuse word hulle geassesseer deur óf 'n verhandeling óf 'n eksamen in die kursuswerk [met drie drie-uur eksamenvraestelle (die eerste jaar) en 'n skripsie (die tweede jaar)].

4. OPSIE 1: Graad deur middel van Verhandeling

KODE	MODULE	KREDIETE
KRM700	Verhandeling oor 'n goedgekeurde onderwerp	128

5. OPSIE 2: Graad deur middel van Kursuswerk en skripsie

5.1 Die eerste jaar (128 krediete)

Verpligte module (32 krediete)

KODE	NAAM VAN MODULE	KREDIETE
KRM728	Metodologie van die Kriminologie en spesifieke navorsingsmetodes	32

Keusemodules (96 krediete): studente moet drie modules uit die onderstaande tabel in oorleg met die Departementshoof kies.

KODE	NAAM VAN MODULE	KREDIETE
KRM718	Gevorderde Kriminologiese Teorie	32
KRM738	Gevorderde Penologiese Teorie	32
KRM748	Straftoemeting	32
KRM758	Fisiese Antropologie van die misdadiger	32
KRM768	Jeugmisdaad	32
KRM778	Misdaadvoorkoming	32
KRM788	Viktimologie	32

5.2 Die tweede jaar (128 krediete)

(Let op die voorvereiste vir KRM791)

KODE	MODULE	KREDIETE
KRM791	Skripsie oor 'n goedgekeurde onderwerp	128

REG. B51 PHILOSOPHIAE DOCTOR – KRIMINOLOGIE
Ph.D.
Studiekode: 01960

1. TOELATINGSVEREISTES

Kandidate moet aansoek doen om toelating: UV-studente wat nie hul studies onderbreek het nie, mag by die Departementshoof aansoek doen om toelating; UV-studente wat hul studies onderbreek het en studente van ander Universiteite, moet direk by die administrasie (Afdeling Akademiese Studentedienste) aansoek doen om toelating.

Toelating is onderhewig aan departementele goedkeuring op grond van volgehoue hoë akademiese standaarde, 'n tentamen of enige ander keuringsvereiste soos bepaal deur die Departementshoof.

2. KURRIKULUM (256 krediete)

Studente moet 'n proefskrif (kursuskode KRM900) skryf oor 'n onderwerp wat in oorleg met die promotor en die Departementshoof gekies is.

B52 EKONOMIE

Raadpleeg die Jaarboek van die Fakulteit Ekonomiese Bestuurswetenskappe.

B53 GEOGRAFIE

Raadpleeg die Jaarboek van die Fakulteit Landbou en Natuurwetenskappe.

B54 GRIEKS

Raadpleeg die Jaarboek van die Fakulteit Teologie.

GESKIEDENIS

**REG. B55 BACCALAUREUS ARTIUM HONORES –
GESKIEDENIS
B.A.Hons.
Studiekode: 01500**

VOORSKRIFTE EN VOORLIGTING

Benewens die algemene toelatingsvereistes tot die B.A. Honneurs, geld die volgende:

1. Toelating tot die Honneurs in Geskiedenis is onderhewig aan die goedkeuring van die Departementshoof.
2. Studente moet in besit wees van enige driejarige Baccalaureusgraad of gelykwaardige kwalifikasie in welke geval, indien dit nodig geag word, 'n bykomende toelatingsassessering vereis kan word.

KURRIKULUM

'n Gedoseerde kursus bestaande uit vier vraestelle van drie uur elk en wat elk 32 krediete bedra:

- GES601 Vakteorie, navorsingsmetodologie en moderne historio-grafie (32 krediete)
- GES602 Suid-Afrikaanse geskiedenis (32 krediete)
- GES603 Geskiedenis van Afrika (32 krediete)
- GES604 Wêreldgeskiedenis (32 krediete)
(Krediete $4 \times 32 = 128$)

OF

Kandidate neem 'n gedoseerde kursus bestaande uit 'n verpligte vraestel (GES601), enige twee van die volgende drie vraestelle (GES602, GES603, GES604) en óf (i) 'n vierde vraestel van ten minste 32 krediete uit 'n aanverwante dissipline, óf (ii) skryf 'n skripsie van 50-60 bladsye teks (GES691), óf (iii) doen 'n gestruktureerde internskap (GES605) by 'n geskikte instansie wat indiensopleiding bied, bv. die Departement Grondsake, die Nasionale Museum, of die Vrystaatse Argief. In geval

van GES605 word óf 'n formele eksamen afgelê óf 'n navorsingsverslag aangebied ter voltooiing van die kursus.
(Krediete 4 x 32 = 128)

REG. B56 MAGISTER ARTIUM – GESKIEDENIS
M.A.
Studiekode: 01700

VOORSKRIFTE EN VOORLIGTING

Benewens die algemene toelatingsvereistes tot die Magisterstudie, geld die volgende:

1. Toelating tot die Magister in Geskiedenis is onderhewig aan die goedkeuring van die Departementshoof.
2. Studente moet in besit wees van ten minste 'n Baccalaureusgraad, in welke geval, indien dit nodig geag word, 'n bykomende toelatingsassessering vereis kan word.

KURRIKULUM

Verhandeling GES700 (128 krediete)

'n Tema word deur die kandidaat in oorleg met 'n studieleier in die departement gekies

of

'n Gestruktureerde kursus word gekies, bestaande uit (i) ses navorsingseminare van drie modules van 24 krediete elk, en (ii) 'n skripsie van 56 krediete

- GES701 (2 x 12 krediet-seminare) (24 krediete)
- GES702 (2 x 12 krediet-seminare) (24 krediete)
- GES703 (2 x 12 krediet-seminare) (24 krediete)
- GES791 (skripsie) (56 krediete)

Die navorsingsmodules, GES701, GES702 en GES703, bestaan elkeen uit twee onafhanklike, maar onderling verbandhoudende seminaartemas wat deur die kandidaat in oorleg met die dosent gekies word.

(Totaal: 128 krediete)

of

'n Gedoseerde kursus bestaande uit vier vraestelle van drie uur elk, gebaseer op die belangstellingsveld en/of spesialisasieterrein van die kursUSDosente.

- GES704 (32 krediete)
 - GES705 (32 krediete)
 - GES706 (32 krediete)
 - GES707 (32 krediete)
- (Totaal: 128 krediete)

1. Die kursus word slegs op 'n deeltydse grondslag oor 'n periode van twee jaar aangebied.
2. Die dosente bepaal self die temas wat aan studente gedoseer sal word.

ASSESSERING

1. Assessering sluit in interne assessering, sowel as eksterne assessering en moderering.
2. Die navorsingskomponent van die Magisterstudie (seminare, skripsie en verhandeling) moet getuig van die vermoë tot onafhanklike navorsing, selfstandige oordeel en insig.

REG. B57 PHILOSOPHIAE DOCTOR – GESKIEDENIS
Ph.D.
Studiekode: 01960

VOORSKRIFTE EN VOORLIGTING (240 krediete)

Benewens die algemene toelatingsvereistes tot die Ph.D.-studie geld die volgende:

1. Toelating tot die Ph.D. in Geskiedenis is onderhewig aan die goedkeurig van die Departementshoof.
2. Studente moet in besit wees van 'n Magister in Geskiedenis of enige ander Magistergraad in welke geval, indien dit nodig geag word, 'n bykomende toelatingsassessering vereis kan word.

KURRIKULUM

'n Proefskrif (kursuskode GES900) oor 'n navorsingsonderwerp word deur die kandidaat in oorleg met die promotor gekies. Die proefskrif moet

getuig van onafhanklike, indringende navorsing wat 'n oorspronklike, wetenskaplike bydrae tot die bestaande vakwetenskap sal lewer.

ASSESSERING

'n Graad sal toegeken word na suksesvolle voltooiing en assessering van die proefskrif deur 'n paneel van interne en eksterne eksaminatore.

NABYE OOSTERSE STUDIE

**REG. B58 BACCALAUREUS ARTIUM HONORES –
NABYE OOSTERSE STUDIE
B.A.Hons.
Studiekode: 01500**

Die graad B.A.Hons. (Nabye Oosterse Studie) is dieselfde as die eerste jaar van die gestruktureerde/gedoseerde Magistergraad [sien M.A. (Nabye Oosterse Studie) direk hieronder]. Die Honneursgraad word toegeken aan studente wat vir die Honneursgraad registreer en dit voltooi, en – as 'n "uitreegraad" – aan studente wat vir die Magistergraad registreer en nie met hul studies na die eerste jaar voortgaan nie.

1. TOELATINGSVEREISTES

Die Departementshoof het die gesag om studente goed te keur en te aanvaar wat andersins nie streng aan die algemene toelatingsvereistes van die universiteit voldoen nie.

2. KURRIKULUM EN ASSESSERING

In oorleg met die Departementshoof kies studente

- (1) 'n minimum van twee modules uit 'n tabel van vier tematiese modules in Nabye Oosterse Studie (32 krediete elk);
- (2) twee verdere modules (32 krediete elk), wat verdere modules uit die tabel van tematiese modules in Nabye Oosterse Studie of modules van 'n aanverwante dissipline kan wees. Die keuse is onderworpe aan die toestemming van beide Departemente.

Elke module word geassesseer tydens 'n drie-uur skriftelike vraestel of tydens 'n mondelinge eksamen van ten minste 'n uur.

TEMATIESE NABYE OOSTERSE MODULES

KODE	MODULE	KREDIETE
NOS618		32
NOS628		32
NOS638		32
NOS648		32

3. INHOUD VAN MODULES

Vir die inhoud van modules verwys na punt 4 onder M.A. (Nabye Oosterse Studie).

REG. B59 MAGISTER ARTIUM (NABYE OOSTERSE STUDIE)
M.A. (Nabye Oosterse Studie)
Studiekode: 01751

1. TOELATINGSVEREISTES

- 1.1 Die Departementshoof het die gesag om studente goed te keur en te aanvaar wat andersins nie streng aan die algemene toelatingsvereistes van die universiteit voldoen nie.
- 1.2 Studente mag toegelaat word tot die Magistergraad in Nabye Oosterse Studie (1) indien hulle 'n Honneursgraad of 'n ekwivalente kwalifikasie in Nabye Oosterse Studie besit, of (2) indien hulle 'n gepaste Baccalaureusgraad besit. Studente met 'n Honneursgraad mag, met die toestemming van die Departementshoof (onderworpe aan die vereiste dat hul 'n bykomende module of bykomende modules neem), die M.A.-graad ontvang nadat hulle 'n skripsie van 128 krediete ingehandig het. Studente met 'n B.A.-graad moet albei jare van die gestruktureerde M.A.-kursus voltooi.

2. VERHANDELING (Kode: NOS700) Krediete: 32

3. DIE KURRIKULUM VAN DIE GESTRUKTUREERDE M.A.

3.1 Die eerste jaar (128 krediete)

In oorleg met die Departementshoof kies studente

- (1) 'n minimum van twee modules uit 'n tabel van vier tematiese modules in Nabye Oosterse Studie (32 krediete elk);
- (2) twee verdere modules (32 krediete elk), wat óf verdere modules uit die tabel van tematiese modules in Nabye Oosterse Studie is óf modules van 'n aanverwante dissipline. Die keuse is onderworpe aan die toestemming van beide Departemente.

Elke module word geassesseer tydens 'n drie-uur skriftelike vraestel of tydens 'n mondelinge eksamen van minstens 'n uur.

TEMATIESE NABYE OOSTERSE MODULES

KODE	MODULE	KREDIETE
NOS718	sien par. 3	32
NOS728	sien par. 3	32
NOS738	sien par. 3	32
NOS748	sien par. 3	32

3.2 Die tweede jaar (128 krediete)

Studente moet een van drie opsies kies. Enige module word geassesseer tydens 'n drie-uur skriftelike vraestel of tydens 'n mondelinge eksamen van minstens 'n uur.

Opsie 1:

NOS790	Mini-tesis	128
--------	------------	-----

Opsie 2:

NOS758	sien par. 3	32
NOS768	sien par. 3	32
NOS791	Mini-skripsie	64

Opsie 3:

NOS758	sien par. 3	32
NOS768	sien par. 3	32
NOS778	sien par. 3	32
NOS788	sien par. 3	32

4. DIE INHOUD VAN DIE MODULES

Die modules vir die kurrikula van die B.A.Hons. (Nabye Oosterse Studie) en die M.A. (Nabye Oosterse Studie) word saamgestel uit die volgende tematiese velde in oorleg met die Departementshoof:

- (1) Vertaling van Bybel en religieuse tekste
- (2) Qumran, Judaïsme en die oorsprong van die Christendom
- (3) Vroue en gender in tradisie en kritiek
- (4) Vergelykende religie van die Nabye Ooste en Afrika
- (5) Kultuur en kuns van die Nabye Ooste
- (6) Nabye Oosterse en Bybeltale
- (7) Nabye Oosterse en Bybelliteratuur

**REG. B60 PHILOSOPHIAE DOCTOR – NABYE OOSTERSE
STUDIE
Ph.D.
Studiekode: 01960**

1. TOELATINGSVEREISTES

Die Departementshoof het die gesag om studente goed te keur en te aanvaar wat andersins nie **streng** aan die algemene toelatingsvereistes van die universiteit voldoen nie.

2. KURRIKULUM EN ASSESSERING (256 krediete)

Studente moet 'n proefskrif (kursuskode NOS900) skryf oor 'n onderwerp wat in oorleg met die promotor en die Departementshoof gekies is.

FILOSOFIE

REG. B61 BACCALAUREUS ARTIUM HONORES – FILOSOFIE
B.A.HONS.
Studiekode: 01500

1. KURRIKULUM (120 krediete)

Studente neem die volgende modules:

KODE	MODULE	KREDIETE
WYS601	Diskoers-analise	40
WYS602	Etiek	40
WYS691	Skripsie in diskoers-analise of etiek	40

REG. B62 MAGISTER ARTIUM – FILOSOFIE
M.A.
Studiekode: 01700

KURRIKULUM (128 krediete)

Studente skryf 'n verhandeling oor 'n goedgekeurde onderwerp (kursuskode **WYS700**).

REG. B63 PHILOSOPHIAE DOCTOR – FILOSOFIE
Ph.D.
Studiekode: 01960

KURRIKULUM

Studente skryf 'n proefskrif oor 'n goedgekeurde onderwerp (kursuskode **WYS900**).

POLITIEKE WETENSKAP

**REG. B64 BACCALAUREUS ARTIUM HONORES – POLITIEKE
WETENSKAP
B.A.Hons.
Studiekode: 01500**

1. TOELATINGSVEREISTES

Verwys na Algemene toelatingsvereistes 1.4 hierbo.

2. SPESIALISERINGSRIGTINGS

Studente kies tussen die volgende kursuspakkette:

- (1) Opsie A: Politieke Dinamika en
- (2) Opsie B: Internasionale Verhoudinge

3. KURRIKULUM (128 krediete) EN ASSESSERING

3.1 Opsie A: B.A. Honneurs (Politieke Dinamika)

Die kursus is saamgestel uit

- (1) twee verpligte modules en
- (2) drie beperkte keusemodules

Studente skryf vier eksamenvraestelle en word ook geassesseer oor die inhoud van 'n verpligte skripsie of 'n internskap en 'n verslag.

3.1.1 Verpligte modules (56 krediete)

KODE	NAAM VAN MODULE	KREDIETE
PTW601	Metodologie en navorsingsvoorstel (bepunt op 'n 50:50 basis)	24
PTW691	Skripsie: 'n Skripsie van selfstandige navorsing ($\pm$ 8 000 woorde) word as 'n uitvloeisel van die navorsingsvoorstel in PTW601 aangebied. OF 'n Internskap in die staatsdiens en die indien van 'n toepaslike projekverslag	32

3.1.2 Elektiewe (72 krediete)

In oorleg met die dosente en die Departementshoof moet studente modules ter waarde van 72 krediete uit die volgende tabel kies:

KODE	NAAM VAN MODULE	KREDIETE
PTW602	Politieke filosofie	24
PTW603	Moderne politieke ideologieë	24
PTW604	Staatsvorme en regeringstelsels	24
PTW605	Politieke partye en die "politiek" van belangegroepe	24
PTW606	Verkiesings en kiesstelsels	24
PTW607	Transformasie en demokratiseringspolitiek	24
PTW608	Konfliksones en die politiek van konflikresolusie	24
PTW609	Globalisering en wêreldpolitiek	24
PTW610	Streekpolitiek	24
PTW611	Capita selecta vanuit die Suid-Afrikaanse politieke omgewing	24
PTW612	Keuse van 'n vraestel uit die honneurskursus van 'n ander voorgraadse hoofvak met dieselfde kredietwaarde	24

3.2 Opsie B: B.A. Honneurs (Internasionale Verhoudinge)

Die kursus is aamgestel uit

- (1) drie verpligte modules en
- (2) twee keusemodules

Studente skryf vier eksamen vraestelle en word ook geassesseer oor die inhoud van 'n verpligte skripsie of 'n internskap en 'n verslag.

3.2.1 Verpligte modules (80 krediete)

KODE	NAAM VAN MODULE	KREDIETE
PTW601	Metodologie en navorsingsvoorstel (gelykwaardig bepunt)	24
PTW613	Kontemporêre denkers in internasionale verhoudinge	24
PTW691	Skripsie: 'n Skripsie van selfstandige navorsing ($\pm$ 8 000 woorde) word as 'n uitvloeisel van die navorsingsvoorstel in PTW601 aangebied OF 'n Internskap in die staatsdiens en die indien van 'n toepaslike projekverslag	32

3.2.2 Elektiewe (48 krediete)

In oorleg met die dosente en die Departementshoof moet studente modules ter waarde van 48 krediete uit die volgende tabel kies. Neem kennis dat PTW619 nie elke jaar aangebied word nie.

KODE	NAAM VAN MODULE	KREDIETE
PTW609	Globalisering en wêreldpolitiek	24
PTW614	Globale politieke ekonomie	24
PTW615	Buitelandse beleid en diplomاسie	24
PTW616	Internasionale reg en organisasies	24
PTW617	Politieke risiko-analise	24
PTW618	Politieke vooruitskouings	24
PTW619	Globale vraagstukke	24

**REG. B65 MAGISTER ARTIUM – POLITIEKE WETENSKAP
M.A.
Studiekode: 01700**

1. TOELATINGSVEREISTES

Behalwe die toelatingsvereistes vermeld in 1.4 onder Algemene Inligting, moet kandidate wat nie oor die aanvaarbare metodologiese

kwalifikasie beskik nie gelyktydig vir die metodologiemodule, PTW601, registreer.

2. KURRIKULUM

Studente skryf 'n verhandeling oor 'n goedgekeurde onderwerp (kursuskode PTW700).

**REG. B66 PHILOSOPHIAE DOCTOR – POLITIEKE
WETENSKAP
Ph.D.
Studiekode: 01960**

Studente lê 'n mondelinge eksamen af en skryf 'n proefskrif oor 'n goedgekeurde onderwerp (kursuskode PTW900).

REG. B67 SEMITIESE TALE

Raadpleeg die Jaarboek van die Fakulteit Teologie.

SIELKUNDE

Studente volg die kurrikulums by B.Soc.Sc.Hons., M.Soc.Sc. en Ph.D.

SOSIOLOGIE

Die sosiologie-grade hieronder vorm deel van die Algemene Program-kursusse. Vir die gespesialiseerde kursus in Sosiologie verwys na die Nagraadse Program in Mens- en Samelewingsdinamika.

**REG. B68 BACCALAUREUS ARTIUM HONORES –
SOSIOLOGIE
B.A.Hons.
Studiekode: 01500**

Die graad B.A. Honneurs in Sosiologie word slegs as 'n "uittreegraad" aan studente toegeken wat vir die gestruktureerde Magistergraad registreer en die eerste jaar voltooi, maar nie die tweede jaar van die kursus voltooi nie, of wat nie die skripsie suksesvol voltooi nie, of wat nie 'n finale syfer (slaagsyfer) van minstens 60% in SOS728 behaal nie.

**REG. B69 MAGISTER ARTIUM – SOSIOLOGIE
M.A.
Studiekode: 01700**

1. TOELATINGSVEREISTES

Om te voldoen aan die vereistes vermeld in 1.4 onder Algemene Inligting, moet kandidate in besit wees van 'n B.A. met 96 krediete in Sosiologie of 'n Honneursgraad in Sosiologie. Kandidate moet aansoek doen om toelating: UV-studente wat nie hul studies onderbreek het nie, mag by die Departementshoof aansoek doen om toelating; UV-studente wat hul studies onderbreek het en studente van ander Universiteite, moet direk by die administrasie (Afdeling Akademiese Studentedienste) aansoek doen om toelating. 'n Finale syfer (slaagsyfer) van minstens 60% word in SOS728 vereis om tot die tweede jaar (SOS791) van die gestruktureerde graad toegelaat te word.

2. UITTREEVLAK

Studente wat die eerste jaar van die gestruktureerde graad voltooi, maar wat nie voortgaan om die tweede jaar te voltooi nie, of wat nie die skripsie suksesvol voltooi nie, of wat nie 'n finale syfer (slaagsyfer) van minstens 60% in SOS728 behaal nie, mag met 'n B.A.-Hons. (Sosiologie) uittree.

3. KURRIKULUM

3.1 Graad deur middel van 'n Verhandeling (128 krediete)

Studente wat reeds oor 'n B.A.Hons. in Sosiologie beskik mag by die Departementshoof aansoek doen om vir die Magistergraad deur middel van 'n verhandeling te registreer. Hierdie studente sal dus die tweede jaar van die gestruktureerde M.A.-graad neem.

3.2 Die gestruktureerde M.A.-graad

3.2.1 Die eerste jaar (128 krediete)

Verpligte modules (64 krediete)

KODE	NAAM VAN MODULE	KREDIETE
SOS718	Sosiologiese teorie	32
SOS728	Sosiale navorsing	32

Opsionele modules (64 krediete)

Studente moet twee modules uit die tabel kies.

KODE	NAAM VAN MODULE	KREDIETE
SOS738	Die sosiologie van ontwikkelende samelewings	32
SOS748	Die sosiologie van bevolking en die omgewing	32
SOS758	Die sosiologie van gender	32
SOS768	Die sosiologie van afwykende gedrag	32
SOS788	Capita Selecta uit spesialiteitsrigtings in die sosiologie	32

3.2.2 Die tweede jaar (128 krediete)
Let op die voorvereiste vir SOS791

KODE	NAAM VAN MODULE	KREDIETE
SOS791	Mini-skripsie	128

3.3 M.A. in Sosiologie: verhandeling

KODE	NAAM VAN MODULE	KREDIETE
SOS700	Skripsie oor 'n goedgekeurde onderwerp	128

REG. B70 PHILOSOPHIAE DOCTOR – SOSIOLOGIE
Ph.D.
Studiekode: 01960

1. TOELATINGSVEREISTES

Kandidate moet aansoek doen om toelating: UV-studente wat nie hul studies onderbreek het nie, mag by die Departementshoof aansoek doen om toelating; UV-studente wat hul studies onderbreek het en studente van ander Universiteite, moet direk by die administrasie (Afdeling Akademiese Studentedienste) aansoek doen om toelating.

2. KURRIKULUM (256 krediete)

Studente moet 'n proefskrif (kursuskode: SOS900) skryf oor 'n onderwerp gekies in oorleg met die promotor en die Departementshoof.

REG. B71 TEOLOGIE

Raadpleeg die Jaarboek van die Fakulteit Teologie.

NAGRAADSE PROGRAM IN AFRIKASTUDIE

**REG. B72 BACCALAUREUS ARTIUM HONORES –
AFRIKASTUDIE
B.A.Hons.
Studiekode: 01500**

Die graad B.A.Hons. in Afrikastudie word slegs as 'n "uittreegraad" aan studente toegeken wat vir die gestruktureerde Magistergraad registreer en die eerste jaar voltooi het, maar nie die tweede jaar van die kursus voltooi nie.

**REG. B73 MAGISTER ARTIUM (AFRIKASTUDIE)
M.A. (Afrikastudie)
Studiekode: 01708**

1. TOELATINGSVEREISTES

In die reël moet studente aan die toelatingsvereistes vermeld in 1.4 onder Algemene Inligting voldoen; maar studente mag in goedgekeurde gevalle tot die kursus toegelaat word met 'n B.A. of 'n vierjaardiploma wat nie spesifiek op Afrikastudie gefokus het nie.

Studente met 'n Honneursgraad of 'n ekwivalente kwalifikasie mag ook toegelaat word. Van studente word verwag om slegs 'n verhandeling ter waarde van 128 krediete (ACS700) te skryf of om vir die tweede jaar van die gestruktureerde M.A. in te skryf.

In sekere gevalle mag die Departement van studente vereis om bykomende modules te neem.

2. M.A.-GRAAD DEUR MIDDEL VAN 'n VERHANDELING

Studente met 'n Honneursgraad of 'n ekwivalente kwalifikasie mag die Magistergraad verkry deur 'n verhandeling ter waarde van 128 krediete (ACS700) in te handig.

3. GESTRUKTUREERDE M.A.-GRAAD

3.1 Die eerste jaar (128 krediete)

Studente moet die volgende vier modules neem:

KODE	MODULE	KREDIETE
ACS701	Ontwikkeling en onderontwikkeling in Afrika	32
ACS702	Historiese en politieke omgewing van Afrika	32
ACS703	Omgewing en hulpbronne van Afrika	32
ACS704	Navorsingmetodologie en projekstrukturering	32

3.2 Die tweede jaar (128 krediete)

Studente moet een van die spesialisrigtings hieronder kies. Elke spesialisrigting vereis dat studente twee modules (32 krediete elk) neem en 'n skripsie (64 krediete) moet skryf.

Spesialisrigtings:

Landbou-ekonomie in Afrika
Politieke herstrukturering en regimopolitiek
Stedelike en landelike Ontwikkeling in Afrika
Toerisme en Eko-Toerisme in Afrika
Grondvraagstukke en kultuur in Afrika
Afrika-identiteite en Renaissance
Capita Selecta

Relevante kodes:

ALE718; ALE728; ALE791
APH718; APH728; APH791
ASL718; ASL728; ASL791
ATE718; ATE728; ATE791
AGK718; AGK728; AGK791
AIR718; AIR728; AIR791
ACS718; ACS728; ACS791

REG. B74 PHILOSOPHIAE DOCTOR – AFRIKASTUDIE
Ph.D.
Studiekode: 01960

KURRIKULUM

Studente moet 'n proefskrif (kursuskode ACS900) skryf oor 'n onderwerp wat in oorleg met die promotor en die Departementshoof gekies is.

NAGRAADSE PROGRAM IN GENDERSTUDIE

REG. B75 SERTIFIKAAT (GENDERSTUDIE) **Studiekode: 01013**

Die Sertifikaat (Genderstudie) word slegs aan studente toegeken wat vir die M.A. (Genderstudie) geregistreer het (sien hier onder) en ten minste 64 krediete van die M.A.-kursus voltooi, voordat hulle hul studies staak.

REG. B76 NAGRAADSE DIPLOMA (GENDERSTUDIE) **Studiekode: 01014**

Die Diploma (Genderstudie) word slegs aan studente toegeken wat vir die M.A. (Genderstudie) geregistreer het (sien hier onder), maar slegs die eerste jaar van die kursus voltooi.

REG. B77 MAGISTER ARTIUM (GENDERSTUDIE) **M.A. (Genderstudie)** **Studiekode: 01701**

1. TOELATINGSVEREISTES

Studente word toegelaat tot die graad indien hulle voldoen aan die toelatingsvereistes soos vermeld in 1.4 onder Algemene Inligting, maar met die toewysing dat 'n wye verskeidenheid B.A.-kursusse geskik is vir toelating.

2. KURRIKULUM

2.1 Modules vir die eerste jaar (128 krediete)

	KODE	MODULE	KREDIETE
Verpligte modules	GIT708	Gender en institusionele transformasie	32
	GTN708	Feministiese teorie en navorsingsmetodologie	32

	KODE	MODULE	KREDIETE
Twee modules moet gekies word	GAW708	Gender en werk	32
	GHE708	Gender en gesondheid	32
	GAL708	Gender en die reg	32
	GVC708	Gender en visuele kultuur	32
	GOM708	Feministiese kritiek en sosiale verandering	32
	GDE708	Gender en ontwikkeling	32
	GSE708	Gender en sekuriteitspolitiek	32
	CGM780	Geslagtelikheid, onderwys en bestuur	32
	GTA708	Gender en tradisie	32

2.2 Modules vir die tweede jaar (128 krediete)

KODE	MODULE	KREDIETE
GEN791	Mini-skripsie	128

óf

Vier verdere modules uit die tabel hierbo (128 krediete).

NAGRAADSE PROGRAM IN KULTUURSTUDIE

**REG. B78 BACCALAUREUS ARTIUM HONORES
(KULTUURSTUDIE)
B.A.Hons. (Kultuurstudie)
Studiekode: 01501**

1. TOELATINGSVEREISTES

Studente word toegelaat tot die graad indien hulle voldoen aan die toelatingsvereistes soos vermeld in 1.4 onder Algemene Inligting, maar met die toeweging dat verskeie B.A.-grade – nie slegs die B.A. (Kultuurstudie) nie – geskik is vir toelating. Studente sal egter waar nodig geassesseer word en kan vereis word om bykomende modules te neem.

2. KURRIKULUM (120 krediete)

Die interdisiplinêre Honneurs Kultuurstudiekursus word hoofsaaklik saamgestel uit **vyf modules** uit Kulturele Antropologie, Geskiedenis, Nabye Oosterse Studie, Visuele Kultuurstudie en Filosofie. Studente moet hulself vergewis van die Honneursmodules van hierdie kursusse.

Studente moet die volgende modules neem:

VRAESTEL	KODE	MODULE	KREDIETE
1	KUH601	Kulturele Antropologie	8
	KUH602	Filosofie	8
	KUH603	Geskiedenis	8
	KUH604	Visuele Kultuurstudie	8
	KUH605	Nabye Oosterse Studie	8
2	KUH606	Interdisiplinêre kursus	40
3	KUH607	Navorsingsprojek	40

REG. B79 MAGISTER ARTIUM (KULTUURSTUDIE)
M.A. (Kultuurstudie)
Studiekode: 01706

1. TOELATINGSVEREISTES

Studente word toegelaat tot die graad indien hulle voldoen aan die toelatingsvereistes soos vermeld in 1.4 onder Algemene Inligting, maar met die toegewing dat verskeie B.A.-grade – nie slegs die B.A. (Kultuurstudie) nie – en verskeie vierjaar B.A.-grade geskik is vir toelating. Studente sal egter, waar nodig, geassesseer word en kan vereis word om bykomende modules te neem.

2. KURRIKULUM (120 krediete)

Die interdisiplinêre M.A. Kultuurstudie word hoofsaaklik saamgestel uit modules uit Kulturele Antropologie, Geskiedenis, Kunsgeskiedenis, Nabye Oosterse Studie, Visuele Kultuurstudie en Wysbegeerte. Studente moet hulself vergewis van die modules vir die Magistergrade van hierdie kursusse.

Studente moet een van twee opsies kies:

KODE	MODULE	KREDIETE
KUM700	Skripsie	120

óf

KODE	MODULE	KREDIETE
KUM701	Interdisiplinêre kursus	30
KUM702	Interdisiplinêre kursus	30
KUM791	Mini-skripsie	60

1. TOELATINGSVEREISTES

Studente word toegelaat tot die graad indien hulle voldoen aan die toelatingsvereistes soos vermeld in 1.4 onder Algemene Inligting, maar met die toegewing dat verskeie M.A.-grade – nie slegs die M.A. (Kultuurstudie) nie – geskik is vir toelating.

2. KURRIKULUM (120 krediete)

Aangesien die Ph.D. (Kultuurstudie) 'n interdisiplinêre graad is, moet kandidate hulself vergewis van die vereistes vir doktorale studie wat deur die volgende dissiplines aangedui word: Geskiedenis, Kulturele Antropologie, Nabye Oosterse Studie, Visuele Kultuurstudie, Kunstgeskiedenis en Filosofie

Studente moet 'n proefskrif (kursuskode KUD900) skryf oor 'n onderwerp wat in oorleg met die promotor, Departementshoof, asook die Programdirekteur gekies is. Bykomend sal daar ook van studente vereis word om die proefskrif voor 'n paneel van keurders te verdedig.

NAGRAADSE PROGRAM IN KOMMUNIKASIE- EN INLIGTINGPROFESSIONS

REG. B81 BACCALAUREUS ARTIUM HONORES
B.A.Hons.
Studiekode: 01500

Die graad B.A.Hons, in enige van die vier kursusse aangebied deur hierdie Program, word slegs as "uitreegraad" aan studente toegeken wat vir die Magistergraad geregistreer is, maar wat nie na die eerste jaar met hul studies wil voortgaan nie. Studente wat hierdie keuse uitoefen moet by die Programdirekteur aansoek doen en 'n administrasiefooi betaal.

REG. B82 MAGISTER ARTIUM (KOMMUNIKASIEKUNDE)
M.A. (Kommunikasiekunde)
Studiekode: 01705

1. KURRIKULUM (256 krediete)

2. Modules vir die eerste jaar (128 krediete)

Verpligte modules (64 krediete)

KURSUS	KODE	NAAM VAN MODULE	KREDIETE
Komm.kunde	KOM710	Kommunikasieteorie (verpligtend)	32
	KOM711	Navorsingsmetodologie (verpligtend)	32

Opsionele modules: studente moet enige twee modules uit die onderstaande tabel kies (64 krediete).

KURSUS	KODE	NAAM VAN MODULE	KREDIETE
Komm.kunde	KOM712	Opvoedkundige kommunikasie	32
	KOM713	Interkulturele kommunikasie	32
	KOM714	Ontwikkelingskommunikasie	32
	KOM715	Spraakkommunikasie	32
	KOM716	Politiese kommunikasie	32
	KOM717	Internasionale kommunikasie	32
	KOM718	Capita Selecta	32

3. Modules vir die tweede jaar (128 krediete)

KODE	NAAM VAN MODULE	KREDIETE
KOM700	Skripsie	128

óf:

'n voortsetting van die twee gekose eerstejaarsmodules (64 krediete).

KURSUS	KODE	NAAM VAN MODULE	KREDIETE
Komm.kunde	GKM720	Gevorderde opvoedkundige kommunikasie	32
Komm.kunde	GKM721	Gevorderde interkulturele kommunikasie	32
Komm.kunde	GKM722	Gevorderde ontwikkelingskommunikasie	32
Komm.kunde	GKM723	Gevorderde spraakkommunikasie	32
Komm.kunde	GKM724	Gevorderde politieke kommunikasie	32
Komm.kunde	GKM725	Gevorderde internasionale kommunikasie	32
Komm.kunde	GKM726	Capita Selecta	32

PLUS

KODE	NAAM VAN MODULE	KREDIETE
KOM791	Skripsie	64

**REG. B83 MAGISTER ARTIUM (KORPORATIEWE
KOMMUNIKASIE)
M.A. (Korporatiewe Kommunikasie)
Studiekode: 01703**

1. KURRIKULUM (256 krediete)

2. Modules vir die eerste jaar (128 krediete)

KURSUS	KODE	NAAM VAN MODULE	KREDIETE
Komm.kunde	KOM710	Kommunikasieteorie	32
	KOM711	Navorsingsmetodologie	32
Bedryfskomm.	BKO710	Bestuurskommunikasie	32
	BKO712	Korporatiewe en organisatoriese kommunikasie	32

3. Modules vir die tweede jaar (128 krediete)

KODE	MODULE	KREDIETE
COR700	Skripsie	128

óf:

KURSUS	KODE	NAAM VAN MODULE	KREDIETE
Bedryfskomm.	BKO721	Kontemporêre kwessies in korporatiewe kommunikasie	16
Bedryfskomm.	BKO724	Internskap (Korporatiewe kommunikasie)	48

PLUS:

KODE	MODULE	KREDIETE
COR791	Mini-skripsie	64

**REG. B84 MAGISTER ARTIUM (GEÏNTEGREERDE
BEMARKINGSKOMMUNIKASIE)
M.A. (Geïntegreerde Bemarkingskommunikasie)
Studiekode: 01704**

1. KURRIKULUM (256 krediete)

2. Modules vir die eerste jaar (128 krediete)

KURSUS	KODE	NAAM VAN MODULE	KREDIETE
Komm.kunde	KOM710	Kommunikasieteorie	32
	KOM711	Navorsingsmetodologie	32
Bedryfskomm.	BKO710	Bestuurskommunikasie	32
	BKO713	Geïntegreerde bemarkingskommunikasie	32

3. Modules vir die tweede jaar (128 krediete)

KODE	MODULE	KREDIETE
IMC700	Skripsie	128

óf:

KURSUS	KODE	NAAM VAN MODULE	KREDIETE
Bedryfskomm.	BKO722	Kontemporêre kwessies in geïntegreerde bemarkings-kommunikasie	16
	BKO725	Internskap (Geïntegreerde bemarkingskommunikasie)	48

PLUS

KODE	MODULE	KREDIETE
IMC791	Mini-skripsie	64

REG. B85 MAGISTER ARTIUM (MEDIASTUDIE)
M.A. (Mediastudie)
Studiekode: 01702

1. KURRIKULUM (256 krediete)

2. Modules vir die eerste jaar (128 krediete)

KURSUS	KODE	NAAM VAN MODULE	KREDIETE
Komm.kunde	KOM710	Kommunikasieteorie	32
	KOM711	Navorsingsmetodologie	32
Bedryfskomm.	BKO710	Bestuurskommunikasie	32
	BKO711	Mediastudie	32

3. Modules vir die tweede jaar (128 krediete)

KODE	MODULE	KREDIETE
KOM700	Skripsie	128

óf:

KURSUS	KODE	NAAM VAN MODULE	KREDIETE
Bedryfskomm.	BKO720	Kontemporêre kwessies in mediastudie	16
	BKO723	Internskap (Mediastudie)	48

PLUS

KODE	MODULE	KREDIETE
MDJ791	Mini-skripsie	64

REG. B86 PHILOSOPHIAE DOCTOR
Ph.D.
Studiekode: 01960

KURRIKULUM

Studente moet 'n proefskrif (kursuskode KOM900) skryf oor 'n onderwerp wat in oorleg met die promotor en die Programdirekteur gekies is.

NAGRAADSE PROGRAM IN TAALSTUDIE

1. KURSUSSE AANGEBIED

B.A. Honneurs-, M.A.- en Ph.D.-kursusse word in Linguistiek en in die volgende tale aangebied:

- Afrikatale
- Afrikaans en Nederlands
- Duits
- Engels
- Frans
- Gebaretaal
- Latyn

(Raadpleeg die Jaarboek van die Fakulteit Teologie vir nagraadse kursusse in Grieks en Semitiese Tale.)

2. TOELATING TOT KURSUSSE

In die reël word studente toegelaat tot enige kursus indien hulle voldoen aan die toelatingsvereistes soos vermeld in 1.4 onder Algemene Inligting. Aangesien sekere kursusse spesifieke vereistes het oor die modules wat geneem moet word, moet studente die betrokke Departementshoof raadpleeg en hulself vergewis van die Departement se Kursusgids voordat hulle vir enige kursus registreer.

Die modules wat deur die verskillende studierigtings aangebied word en waaruit studente hul kurrikula kan saamstel word hieronder gegee:

AFRIKATALE

**REG. B87 BACCALAUREUS ARTIUM HONORES
(TAALSTUDIE) – AFRIKATALE
B.A.Hons. (Taalstudie) – Afrikatale
Studiekode: 01502**

Die Honneurskursus is die ekwivalent van die eerste jaar van die M.A.-kursus. Studente met die Honneursgraad mag toelating tot die tweede jaar van die M.A.-kursus verkry.

Studente moet modules ter waarde van 128 krediete kies.

Linguistiek opsies (Maksimum: 4 modules)	KODE	MODULE	KREDIETE
	AFW608	Morfologie in Afrikatale	32
	ASE608	Semantiek in Afrikatale	32
	ASY608	Sintaksis in Afrikatale	32
	ASO608	Sosiolinguistiek en Pragmatiek in Afrikatale	32
	AAL608	Toegepaste linguistiek in Afrikatale	32

Literatuur opsies (Maksimum: 4 modules)	KODE	MODULE	KREDIETE
	AFA608	Benaderings tot Afrikaliteratuur	32
	AFC608	Geselekteerde Genre in 'n Afrikataal	32
	AFD608	Verdere Genre in 'n Afrikataal	32
	AFE608	'n Ander Genre in 'n Afrikataal	32
	AFG608	Periode in 'n Afrikataal	32
	AFH608	Spesialis outeur	32

**REG. B88 MAGISTER ARTIUM
(TAALSTUDIE) – AFRIKATALE
M.A. (Taalstudie) – Afrikatale
Studiekode: 01718**

1. Modules vir die eerste jaar (128 krediete)

	KODE	MODULE	KREDIETE
Linguistiek opsies (Maksimum: 4 modules)	AFW708	Morfologie in Afrikatale	32
	ASE708	Semantiek in Afrikatale	32
	ASY708	Sintaksis in Afrikatale	32
	ASO708	Sosiolinguistiek en pragmatiek in Afrikatale	32
	AAL708	Toegepaste linguistiek en Afrikatale	32

	KODE	MODULE	KREDIETE
Literatuur opsies (Maksimum: 4 modules)	AFA708	Benaderings tot Afrikaliteratuur	32
	AFC708	Geselekteerde genre in 'n Afrikataal	32
	AFD708	Verdere genre in 'n Afrikataal	32
	AFE708	'n Ander genre in 'n Afrikataal	32
	AFF708	Prosa in 'n Afrikataal	32
	AFG708	Periode in 'n Afrikataal	32
	AFH708	Spesialisouteur	32

2. Modules vir die tweede jaar (128 krediete)

KODE	MODULE	KREDIETE
AFL700	Skripsie	128

óf:

	KODE	MODULE	KREDIETE
Taalstudie opsies (Maksimum: 1 module)	AFX708	Sosiologie van taal in Afrikatale	32
	AFQ708	Leksikografie en terminologie in Afrikatale	32

Literatuur opsies (Maksimum: 2 modules)	KODE	MODULE (Kies: maksimum 4 x 32-krediet modules)	KREDIETE
	AFU708	Verdere spesialisouteur in Afrikatale	32
	AFV708	Afrikaliteratuur in Engels	32
	ADL708	Mondelinge literatuur in Afrikatale	32
	AFZ708	Kinderliteratuur in Afrikatale	32

PLUS:

KODE	MODULE	KREDIETE
AFL791	Mini-skripsie	64

REG. B89 PHILOSOPHIAE DOCTOR – AFRIKATALE
Ph.D.
Studiekode: 01960

KURRIKULUM

Studente moet 'n proefskrif (kursuskode AKT900) skryf oor 'n onderwerp wat in oorleg met die promotor en die Departementshoof gekies is.

AFRIKAANS EN NEDERLANDS

REG. B90 BACCALAUREUS ARTIUM HONORES (TAALSTUDIE)
– AFRIKAANS EN NEDERLANDS
B.A.Hons. (Taalstudie) – Afrikaans en Nederlands
Studiekode: 01502

Die Honneurskursus is die ekwivalent van die eerste jaar van die M.A.-kursus. Studente met die Honneursgraad mag tot die tweede jaar van die M.A.-kursus toegelaat word.

Studente moet modules ter waarde van 128 krediete kies.

	KODE	MODULE	KREDIETE
Kernopsies	AFN601	Metodologie in die taal- en letterkunde	16
	AFN602	Benaderingswyses in die taalkunde	16
	AFN603	OF Benaderingswyses in die letterkunde	

	KODE	MODULE	KREDIETE
Taalkunde	AFN610	Sinstruktuur in Afrikaans en/of Nederlands	16
	AFN611	Woordvorming in Afrikaans en/of Nederlands	16
	AFN612	Betekenisleer in Afrikaans en/of Nederlands	16
	AFN613	Gespreksanalise in Afrikaans en/of Nederlands	16
	AFN614	Taalvariasie in Afrikaans en/of Nederlands	32

	KODE	MODULE	KREDIETE
Letterkunde	AFN620	Periodisering in die Afrikaanse en/of Nederlandse letterkunde	16
	AFN621	Afrikaanse en/of Nederlandse drama en film	16
	AFN622	Afrikaanse en/of Nederlandse prosa	32
	AFN623	Afrikaanse en/of Nederlandse poësie	32

**REG. B91 MAGISTER ARTIUM (TAALSTUDIE)
 – (AFRIKAANS EN NEDERLANDS)
 M.A. (Taalstudie) – Afrikaans en Nederlands
 Studiekode: 01718**

1. Modules vir die eerste jaar (128 krediete)

	KODE	MODULE	KREDIETE
Kernopsies	AFN701	Metodologie in die taal- en letterkunde	16
	AFN702	Benaderingswyses in die taalkunde	16
	AFN703	OF Benaderingswyses in die letterkunde	

	KODE	MODULE	KREDIETE
Taalkunde	AFN710	Sinstruktuur in Afrikaans en/of Nederlands	16
	AFN711	Woordvorming in Afrikaans en/of Nederlands	16
	AFN712	Betekenisleer in Afrikaans en/of Nederlands	16
	AFN713	Gespreksanalise in Afrikaans en/of Nederlands	16
	AFN714	Taalvariasie in Afrikaans en/of Nederlands	32

	KODE	MODULE	KREDIETE
Letterkunde	AFN720	Periodisering in die Afrikaanse en/of Nederlandse letterkunde	16
	AFN721	Afrikaanse en/of Nederlandse drama en film	16
	AFN722	Afrikaanse en/of Nederlandse prosa	32
	AFN723	Afrikaanse en/of Nederlandse poësie	32

2. Modules vir die tweede jaar (128 krediete)

KODE	MODULE	KREDIETE
AFN700	Verhandeling	128

óf 'n keuse uit die volgende tot 'n minimum van 64 krediete:

	KODE	MODULE	KREDIETE
Taalkunde	AFN740	Mediataal: Oorredingskommunikasie, taalstrategieë, kopieskryf	32
	AFN741	Leksikografiese kwessies in Afrikaans en/of Nederlands	16
	AFN742	Afrikaanse taalversorging	16
	AFN743	Afrikaanse en/of Nederlandse taalonderrig	16
	AFN744	Taalverwerwing in Afrikaans en/of Nederlands	16
	AFN745	Capita selecta	32

	KODE	MODULE	KREDIETE
Letterkunde	AFN750	Voortgesette genrestudie in Afrikaans en/of Nederlands	32
	AFN751	Literêre kritiek in Afrikaans en/of Nederlands	32
	AFN752	Afrikaanse en/of Nederlandse letterkundeonderrig	32
	AFN753	Kreatiewe skryfwerk in Afrikaans: nie-fiksie	16
	AFN754	Voortgesette kreatiewe skryfwerk in Afrikaans: nie-fiksie	16
	AFN755	OF Kreatiewe skryfwerk in Afrikaans: fiksie	16
	AFN756	Capita selecta	32

PLUS:

KODE	MODULE	KREDIETE
AFN791	Verpligte skripsie	64

REG. B92 PHILOSOPHIAE DOCTOR – AFRIKAANS EN NEDERLANDS
Ph.D.
Studiekode: 01960

KURRIKULUM

Studente moet 'n proefskrif (kursuskode AFN900) skryf oor 'n onderwerp wat in oorleg met die promotor en die Departementshoof gekies is.

ENGELS

REG. B93 BACCALAUREUS ARTIUM HONORES (TAALSTUDIE)
– ENGELS
B.A.Hons. (Taalstudie) – Engels
Studiekode: 01502

Die Honneurskursus is die ekwivalent van die eerste jaar van die M.A.-kursus. Studente met die Honneursgraad mag tot die tweede jaar van die M.A.-kursus toegelaat word.

Die kursus bestaan uit 144 krediete

	KODE	MODULE	KREDIETE
Compulsory Research methodology	ENG614	Research methodology for language and literature study	16

	KODE	MODULE	KREDIETE
Literature Options (Maximum: 4 modules)	ENG601	Literary theory in English Literature and Classical Theory	32
	ENG602	Study of a Genre in English	32
	ENG603	Study of a Period in English	32
	ENG604	Study of a further period/genre in English Literature	32

	KODE	MODULE	KREDIETE
Applied Language (Maximum: 4 modules)	ENG605	Applied Language Studies in English	32
	ENG606	Perspectives in the Study of Language	32
	ENG607	English Language Teaching Studies	32
	ENG608	Discourse projects for the ELT classroom	32

REG. B94 MAGISTER ARTIUM (TAALSTUDIE) – ENGELS
M.A. (Taalstudie) – Engels
Studiekode: 01718

1. Modules vir die eerste jaar (144 krediete)

Compulsory Research methodology	KODE	MODULE	KREDIETE
	ENG714	Research methodology for language and literature study	16

Literature Options (Maximum: 4 modules)	KODE	MODULE	KREDIETE
	ENG701	Literary theory in English Literature and Classical Theory	32
	ENG702	Study of a Genre in English	32
	ENG703	Study of a Period in English	32
	ENG704	Study of a further period/genre in English Literature	32

Applied Language (Maximum: 4 modules)	KODE	MODULE	KREDIETE
	ENG705	Applied Language Studies in English	32
	ENG706	Perspectives in the Study of Language	32
	ENG707	English Language Teaching Studies	32
	ENG708	Discourse projects for the ELT classroom	32

2. Modules vir die tweede jaar (128 krediete)

KODE	MODULE	KREDIETE
ENG700	Dissertation	128

óf:

Literature options	KODE	MODULE	KREDIETE
	EMN718	A specialist author	32
	EMN738	A national literature	32

Applied Language options	KODE	MODULE	KREDIETE
	EMN758	Materials design	32
	EMN778	Media in Education	32
	EMN798	Language acquisition	32

PLUS:

KODE	MODULE	KREDIETE
ENG791	Mini-dissertation	64

3. M.A. (KREATIEWE SKRYFWERK IN ENGELS)

3.1 TOELATINGSVEREISTE

Kandidate moet ten minste oor 'n baccalaureusgraad beskik. Kandidate word gekies op grond van die kwaliteit van hul portefeulje kreatiewe werk.

3.2 Die eerste jaar (128 krediete)

KODE	MODULE	KREDIETE
CWE701	Introduction to Creative Writing	32
CWE702	Techniques in Drama	32
CWE703	Techniques in Poetry	32
CWE704	Techniques in Short Prose	32

Opmerking: Elke module bestaan uit kreatiewe werk (70%) en tegniese analise (30%).

3.3 Die tweede jaar (128 krediete)

KODE	MODULE	KREDIETE
CWE705	Techniques in Drama	32
CWE706	Techniques in Poetry	32
CWE707	Techniques in Short Prose	32
CWE708 or CWE709	Literary Translation The Word and the World	32

REG. B95 PHILOSOPHIAE DOCTOR – ENGELS
Ph.D.
Studiekode: 01960

KURRIKULUM

Studente moet 'n proefskrif (kursuskode ENG900) skryf oor 'n onderwerp wat in oorleg met die promotor en die Departementshoof gekies is.

FRANS

**REG. B96 BACCALAUREUS ARTIUM HONORES
(TAALSTUDIE) – FRANS
B.A.Hons. (Taalstudie) – Frans
Studiekode: 01502**

Die Honneurskursus is die ekwivalent van die eerste jaar van die M.A.-kursus. Studente met die Honneursgraad mag tot die tweede jaar van die M.A.-kursus toegelaat word.

Die kursus bestaan uit 128 krediete.

KODES	NAAM VAN MODULE	KREDIETE
FRN601	Stylistique comparée du français et de l'anglais	32
FRN602	Gevorderde Besigheidsfrans	32
FRN603	Skripsie	32
FRN604	'n Tema van die kandidaat se eie keuse, gekies in oorleg met die Vakhoof	32

**REG. B97 MAGISTER ARTIUM (TAALSTUDIE) – FRANS
M.A. (Taalstudie) – Frans
Studiekode: 01718**

1. Modules vir die eerste jaar (128 krediete)

KODES	NAAM VAN MODULE	KREDIETE
FRN701	Stylistique comparée du français et de l'anglais	32
FRN702	Gevorderde Besigheidsfrans	32
FRN703	Skripsie oor 'n tema uit die Franse taal- en/of literatuurstudie	32
FRN704	'n Tema van die kandidaat se eie keuse, gekies in oorleg met die Vakhoof	32

2. Modules vir die tweede jaar (128 krediete)

KODE	MODULE	KREDIETE
FRN700	Skripsie	128

óf:

KODES	NAAM VAN MODULE	KREDIETE
FRN718	Onderwerp: Capita Selecta	32
FRN738	Onderwerp: Capita Selecta	32

PLUS:

KODE	MODULE	KREDIETE
FRN791	Skripsie of twee verbandhoudende artikels	64

REG. B98 PHILOSOPHIAE DOCTOR – FRANS
Ph.D.
Studiekode: 01960

KURRIKULUM

Studente moet 'n proefskrif of 5 verwante artikels (kursuskode FRN900) skryf oor 'n onderwerp wat in oorleg met die promotor en die Vakhoof gekies is.

DUIITS

**REG. B99 BACCALAUREUS ARTIUM HONORES
(TAALSTUDIE) – DUIITS
B.A.Hons. (Taalstudie) – Duits
Studiekode: 01502**

Die Honneurskursus is die ekwivalent van die eerste jaar van die M.A.-kursus. Studente met die Honneursgraad mag tot die tweede jaar van die M.A.-kursus toegelaat word.

Die kursus bestaan uit 128 krediete. Studente moet vier modules uit die tabel kies.

KODES	NAAM VAN MODULE	KREDIETE
DTS618	Geschichte einer literarischen Gattung	32
DTS638	Intensives Studium eines Autors	32
DTS628	Intensives Studium einer literarischen Epoche	32
Toepas- like kode	'n Module uit 'n honneurssyllabus van 'n ander relevante vak	32
DTS648	Capita selecta	32
DTS668	Skripsie oor 'n tema uit die Duitse taal en/of literatuurstudie	32

**REG. B100 MAGISTER ARTIUM (TAALSTUDIE) – DUIITS
M.A. (Taalstudie) – Duits
Studiekode: 01718**

1. Modules vir die eerste jaar (128 krediete)

Studente moet vier van die volgende modules in oorleg met die dosent kies: al die modules sal nie elke jaar aangebied word nie.

KODES	NAAM VAN MODULE	KREDIETE
DTS718	Geschichte einer literarischen Gattung	32
DTS738	Intensives Studium eines Autors	32
DTS728	Intensives Studium einer literarischen Epoche	32
DTS748	Onderwerp: Capita Selecta	32
DTS768	Skripsie oor 'n tema uit die Duitse taal- en/of literatuurstudie	32

2. Modules vir die tweede jaar (128 krediete)

KODE	MODULE	KREDIETE
DTS700	Skripsie	128

óf:

KODES	NAAM VAN MODULE	KREDIETE
DTS758	Onderwerp: Capita Selecta	32
DTS778	Onderwerp: Capita Selecta	32

PLUS:

KODE	MODULE	KREDIETE
DTS791	Mini-skripsie	64

REG. B101 PHILOSOPHIAE DOCTOR – DUIJS
Ph.D.
Studiekode: 01960

KURRIKULUM

Studente moet 'n proefskrif (kursuskode DTS900) skryf oor 'n onderwerp wat in oorleg met die promotor en die Departementshoof gekies is.

LATYN

**REG. B102 BACCALAUREUS ARTIUM HONORES
(TAALSTUDIE) – LATYN
B.A.Hons. (Taalstudie) – Latyn
Studiekode: 01502**

Die Honneurskursus is die ekwivalent van die eerste jaar van die M.A.-kursus. Studente met die Honneursgraad mag toelating tot die tweede jaar van die M.A.-kursus verkry. Studente wat beoog om met die M.A.-graad voort te gaan moet let op die toelatingsvereistes vir die graad (verwys na die toelatingsvereistes hieronder).

(Grieks op minstens 100-vlak en 'n lees kennis van Duits en/of Frans is verkieslik vir hierdie kursus.)

Die kursus bestaan uit 128 krediete.

KODE	NAAM VAN MODULE	KREDIETE
LAT616	Outeurs van genres uit die Goue Era	32
LAT626	Outeurs van genres uit die Silwer Era	32
LAT636	Taalkunde en Romeinse geskiedenis en/of argeologie	32
LAT646	Paleografie, tekskritiek en vertaling op sig	32

**REG. B103 MAGISTER ARTIUM (TAALSTUDIE) – LATYN
M.A. (Taalstudie) – Latyn
Studiekode: 01718**

1. TOELATINGSVEREISTES

- (1) Behalwe die algemene toelatingsvereistes wat in 1.4 onder Algemene Inligting vermeld is, moet kandidate oor 32 krediete in Klassieke Mitologie (KMT) of Grieks (GRK) beskik of modules ter waarde van 32 krediete in een van hierdie kursusse gedurende hul studietydperk vir die M.A. neem. In

uitsonderlike gevalle kan vrystelling op aanbeveling van die Departementshoof verleen word (bv. vir 'n verhandeling op 'n grensgebied soos Regte).

(2) 'n Leeskennis van Duits en/of Frans is verpligtend.

2. KURRIKULUM VAN DIE GESTRUKTUREERDE M.A.

2.1 Modules vir die eerste jaar (128 krediete)

KODE	MODULE	KREDIETE
LAT716	Outeurs van die Goue Era	32
LAT726	Outeurs van die Silwer Era	32
LAT736	Taalkunde en Romeinse geskiedenis en/of argeologie	32
LAT746	Paleografie, tekskritiek en vertaling op sig	32

2.2 Modules vir die tweede jaar (128 krediete)

KODE	MODULE	KREDIETE
LAT791	Skripsie	64

OF

3. VERHANDELING

KODE	MODULE	KREDIETE
LAT700	Verhandeling	128

REG. B104 PHILOSOPHIAE DOCTOR – LATYN
Ph.D.
Studiekode: 01960

KURRIKULUM

Studente moet 'n proefskrif (kursuskode LAT900) skryf oor 'n onderwerp wat in oorleg met die promotor en die Departementshoof gekies is.

Die kandidaat moet tydens die doktorale studie en voordat die proefskrif voorgelê word, minstens twee departementele seminare oor die gekose navorsingsonderwerp aanbied. (240 krediete)

LINGUISTIEK

**REG. B105 BACCALAUREUS ARTIUM HONORES
(TAALSTUDIE) – LINGUISTIEK
B.A.Hons. (Taalstudie) – Linguistiek
Studiekode: 01502**

Die Honneurskursus is die ekwivalent van die eerste jaar van die M.A.-kursus. Studente met die Honneursgraad mag tot die tweede jaar van die M.A.-kursus toegelaat word.

Die kursus bestaan uit 128 krediete. Studente moet vier modules uit Linguistiek in die onderstaande tabel kies.

LINGUISTIEK

KODES	NAAM VAN MODULE	KREDIETE
LIN618	Aspekte van Taalstruktuur	32
LIN638	Sosiolinguistiek en Taalsosiologie	32
LIN658	Capita selecta	32
LIN628	Psigolinguistiek	32
LIN648	Teksteorie	32
LIN668	Toegepaste Taalkunde en Pragmatiek	32
LIN698	Kritiese Taalkunde	32
	Hoogstens 2 modules uit die honneurs sillabus van die Program vir Taalstudie Toepaslike kode	

REG. B106 MAGISTER ARTIUM (TAALSTUDIE) – LINGUISTIEK
M.A. (Taalstudie) – Linguistiek
Studiekode: 01718

1. Modules vir die eerste jaar (128 krediete)

Studente moet vier modules uit Linguistiek en Literatuurteorie neem, met 'n maksimum van drie modules uit een tabel.

LINGUISTIEK

KODES	NAAM VAN MODULE	KREDIETE
LIN718	Aspekte van Taalstruktuur	32
LIN738	Sosiolinguistiek en Taalsosiologie	32
LIN758	Capita selecta	32
LIN728	Psigolinguistiek	32
LIN748	Teksteorie	32
LIN768	Toegepaste Taalkunde en Pragmatiek	32
LIN798	Kritiese Taalkunde	32
	Hoogstens 2 modules uit die honneurs- en magistersillabus van die Program vir Taalstudie Toepaslike kode	32

2. Modules vir die tweede jaar (128 krediete)

KODE	MODULE	KREDIETE
LIN700 OF LIN710 en LIN711	Skripsie OF twee verbandhoudende artikels	128

óf:

OPSIES: LINGUISTIEK

Toepaslike kode	Enige twee modules soos vermeld in die tabelle van Linguistiek	64
--------------------	---	----

PLUS:

KODE	MODULE	KREDIETE
LIN791	Mini-skripsie	64

REG. B107 PHILOSOPHIAE DOCTOR – LINGUISTIEK
Ph.D.
Studiekode: 01960

KURRIKULUM

Studente moet 'n proefskrif (kursuskode TWS900) of vyf verbandhoudende artikels skryf oor 'n onderwerp wat in oorleg met die promotor en die Departementshoof gekies is.

GEBARETAAL

**REG. B108 BACCALAUREUS ARTIUM HONORES
(TAALSTUDIE) – GEBARETAAL
B.A.Hons. (Taalstudie) – Gebaretaal
Studiekode: 01502**

Die Honneurskursus is die ekwivalent van die eerste jaar van die M.A.-kursus. Studente met die Honneursgraad mag tot die tweede jaar van die M.A.-kursus toegelaat word.

Die kursus bestaan uit 128 krediete. Studente moet vier modules uit die onderstaande tabel kies.

KODES	NAAM VAN MODULE	KREDIETE
GBT618	Fonologie, morfologie en sintaksis	32
GBT638	Semantiek en pragmatiek	32
GBT658	Kultuur	32
GBT628	Dowe Letterkunde: Begrip	32
GBT648	Dowe Letterkunde: Analise	32
GBT668	Taalverwerwing en -ontwikkeling	32

**REG. B109 MAGISTER ARTIUM (TAALSTUDIE) – GEBARETAAL
M.A. (Taalstudie) – Gebaretaal
Studiekode: 01718**

1. Modules vir die eerste jaar (128 krediete)

Studente moet vier modules uit die onderstaande tabel kies.

KODES	NAAM VAN MODULE	KREDIETE
GBT718	Fonologie, morfologie en sintaksis	32
GBT738	Semantiek en pragmatiek	32
GBT758	Kultuur	32
GBT728	Dowe Letterkunde: Begrip	32
GBT748	Dowe Letterkunde: Analise	32
GBT768	Taalverwerwing en -ontwikkeling	32

2. Modules vir die tweede jaar (128 krediete)

KODE	MODULE	KREDIETE
GBT700	Skripsie	128

of:

Toepaslike kode	Twee modules in Gebaretaal wat nog nie geneem is nie of enige twee modules soos goedgekeur deur die hoof van Gebaretaal	64
-----------------	---	----

PLUS:

KODE	MODULE	KREDIETE
GBT791	Mini-skripsie	64

NAGRAADSE PROGRAM IN TAALPRAKTYK

Die Nagraadse Program vir Taalpraktyk bied 'n Diploma en 'n Magistergraad. Studente spesialiseer in enige een van die vyf rigtings: (1) Vertaling; (2) Tolking; (3) Leksikografie en Terminologie; (4) Taalbestuur; en (5) Taaltegnologie

Die aanbieding van modules is onderhewig aan die beskikbaarheid van dosente.

1. LOOPBAANGELEENTHEDE

Die nagraadse kursus in Taalpraktyk is markgedrewe en uitkomsgebaseerd. Die loopbaangeleentheid vir studente wat die kursus voltooi sluit die volgende in: vertaler, konferensietolk; leksikograaf, terminoloog, taalbeplanner en -bestuurder en taaltegnoloog.

2. TOELATINGSVEREISTES; DIE VERHOUDING TUSSEN DIE DIPLOMA EN DIE M.A.-GRAAD

In die reël moet studente aan die toelatingsvereistes vermeld in 1.4 onder Algemene Inligting voldoen. Hierdie vereistes is minder streng, omdat 'n wye verskeidenheid van Baccalaureusgraad toelating tot die kursusse in die Taalpraktykprogram verleen. Studente moet by die Direkteur aansoek doen vir toelating tot die program. Die toelating kan onderworpe wees aan die neem van sekere bykomende modules.

Die Diploma is die ekwivalent van die eerste jaar van die Magistergraad. Om hierdie rede kan studente wat vir die Diploma geregistreer is en graag hul studies wil voortsit, tot die tweede jaar van die Magistergraad toegelaat word. Studente wat vir die Magistergraad geregistreer is mag met 'n Diploma "uittree" indien hulle nie met hul studies na afloop van die eerste jaar van die Magistergraad wil voortgaan nie.

NAGRAADSE DIPLOMAS IN TAALPRAKTYK

1. KURRIKULA (128 krediete)

Die kurrikula vir die vyf studierigtings waaruit studente moet kies (d.i. Vertaling; Tolking; Leksikografie en Terminologie; Taalbestuur of Taaltegnologie) is dieselfde as dié van die eerste jaar van die Magistergraad. Studente wat graag die Diploma wil neem moet na die Magisterkursus hieronder verwys.

(’n Administratiewe verskil tussen die Diplomakursus en die eerstejaar van die Magisterkursus is dat die eersgenoemde kursusse ’n nommer 6 in plaas van ’n nommer 7 in die vakkode het. Byvoorbeeld: TPI612 dui aan dat hierdie module (Tolkteorie) deel is van die Diplomakursus; terwyl TPI712 aandui dat die module deel is van die eerste jaar van die Magisterkursus.)

2. STUDIERIGTINGS EN STUDIEKODES

Nagraadse Diplomas

Nagraadse Diploma (Taalpraktyk): 1 jr N.D.T.P.

(i) Vertaling	01201
(ii) Tolking	01202
(iii) Leksikografie en Terminologie	01203
(iv) Taalbestuur	01204
(v) Taaltegnologie	01206

REG. B110 MAGISTER ARTIUM (TAALPRAKTYK) M.A. (Taalpraktyk)

1. STUDIERIGTINGS EN STUDIEKODES

Magister Artium (Taalpraktyk): 2 jr

(i) Vertaling	01714
(ii) Tolking	01715
(iii) Leksikografie en Terminologie	01716
(iv) Taalbestuur	01717
(v) Taaltegnologie	01709

2. KURRIKULA (128 KREDIETE IN DIE EERSTE JAAR; 128 KREDIETE IN DIE TWEDE JAAR)

Kandidate moet registreer vir **een** van die studierigtings hierbo vermeld en die relevante spesialisingsmodules hierna gelys soos volg aanbied:

- (1) Ten minste 96 krediete in verpligte modules vir alle kandidate ongeag die gekose spesialisingsrigting
- (2) Ten minste 80 krediete in die gekose spesialisingsrigting, versprei oor twee jaar aangedui deur die volgende unieke letterkodes:
 - a. TTP = Taaltegnologie
 - b. TPV = Vertaling
 - c. TPI = Tolking
 - d. TPL = Leksikografie en Terminologie
 - e. TPM = Taalbestuur
- (3) Ten minste 16 krediete in navorsingsmetodologie in die tweede studiejaar.
- (4) 'n Skripsie van 64 krediete in die gekose spesialisingsrigting in die tweede studiejaar.

2.1 Die eerste jaar (128 krediete)

2.1.1 Algemene modules in die eerste jaar (96 krediete)

Alle kandidate bied die volgende modules aan:

KODE	MODULE	KREDIETE
TPP714	Aspekte van taalpraktyk	16
TPP734	Taalbeleid, taalregte en taalpraktyk in Suid-Afrika	16
LIN718	Aspekte van taalstruktuur	32
Toepaslike kode(s)	Taalstudie: Toepaslike taalmodule/s wat verskil van die inhoud van LIN718, uit die honneurs- of magistersillabus van die volgende taaldissiplines: Afrikatale Afrikaans en Nederlands Duits Engels Frans Gebaretaal OF Enige erkende gelykwaardige taalmodule(s)	32

2.1.2 Spesialisasiemodules in die eerste jaar (32 krediete)

Kandidate kies 32 krediete uit die spesialisasiemodules hieronder:

KODE	MODULE	KREDIETE
TTP724	Taal- en spraaktegnologie	16
TTP744	Rekenaarvertaling	16
TPV724	Vertaalpraktyk: kommunikatiewe tekste	16
TPV744	Tekstuele en linguistiese aspekte van vertaling	16
